

VERSTEURINGSPATRONE IN DIE AFRIKAANS

VAN DIE TSWANASPREKENDE

deur

CYNTHIA MATSHEDISO SETSHEDI BA (Hons), SOD

verhandeling goedgekeur

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

Afrikaans - Nederlands

aan die

Potchefstroomse Universiteit

vir

Christelike Hoër Onderwys

•

Studieleier : Prof. P.S. de Bruyn

Mede-studieleier : Prof. S.A. Swanepoel

POTCHEFSTROOM

1987

DANKBETUIGINGS

Aan my studieleier, prof. P.S. de Bruyn, is ek dank verskuldig, vir sy uiters bekwame leiding, verantwoordelikheid, geduld en belangstelling.

Ek wil verder my dank betuig aan my mede-studieleier prof. S. A. Swanepoel vir sy gewilligheid, aanbevelings en hulp.

Aan die prinsipaal en personeel van die C. N. Lekalake Middelskool wil ek baie hartlik dankie sê vir toestemming om gegewens in te samel vir my verhandeling.

Verder wil ek my dank uitspreek teenoor die Universiteit van Bophuthatswana vir finansiële ondersteuning.

My opregte dank aan my man, Jake, wat direk bygedra het tot die bevordering van hierdie studie.

My vier dogters, vir julle wil ek graag baie dankie sê vir jul samewerking.

Verder wil ek my moeder en skoonouers bedank vir hul aanmoediging.

My hartlike dank aan mnr. Godfrey Mareme wat my so getrou bygestaan het.

Aan my vriende en kollegas wat my voortdurend aangemoedig het, my waardering.

Aan mej. I.A. Batten, baie dankie vir die voorlopige tik van my verhandeling.

Ten slotte wil ek mej. E.B. Mogatusi bedank vir die bekwame manier waarop sy die finale tikwerk van my verhandeling behartig het.

AFKORTINGS

Die volgende lys verteenwoordig die afkortings wat in hierdie verhandeling gebruik word:

aanw wrd	=	aanwysende woord (demonstratief)
bep	=	bepaling
besit part	=	besitlike partikel
Byw bep	=	bywoordelike bepaling
bw	=	bywoord
dur part	=	duratiefspartikel
dur suf	=	duratiefsuffiks
ekv	=	enkelvoud
ekv pref	=	enkelvoudsprefiks
Grdbep	=	graadbepaling
Grdpart	=	graadpartikel
Grdwrđ	=	graadwoord
Inf pref	=	infinitiesprefiks
Hlpw	=	hulpwerkwoord
Htw	=	hooftelwoord
Hw	=	hoofwerkwoord
Kw	=	kwantitatief
Lw	=	lidwoord
Lok	=	lokatief
massanw	=	massanaam
medew	=	medewerkwoord
mv	=	meervoud
N	=	naamwoord
NS	=	naamwoordstuk
mv prefiks	=	meervoudsprefiks
ontk part	=	ontkenningspartikel
ontk suf	=	ontkenningsuffiks
owps	=	onderwerpskakel
skw	=	skakelwerkwoord
s nw	=	selfstandige naamwoord
tydbep	=	tydsbepaling
tydbep part	=	tydsbepaling partikel
tydhlpw	=	tydhulpwerkwoord
w	=	werkwoord

INHOUDSOPGAW

<u>HOOFSTUK 1</u>	<u>BLADSY</u>
1 Inleiding en probleemstelling	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Doelstelling	1
1.3 Agtergrond van die studie	2
1.4 Navorsingsprosedure	2
1.4.1 Veldwerk	2
1.4.2 Die respondente	3
1.4.3 Die versameling van die data	4
1.4.3.1 Spontane opstelle	4
1.4.3.2 Beheerde opstelle	4
1.4.3.3 Bandopnames	4
1.4.3.4 Ontleding van die data	4
1.5.1 Sociolinguistiek	5
1.5.2 Enkele sociolinguistiese ondersoeke	6
Voetnote	7- 8
 <u>HOOFSTUK 2</u>	
2 Tweetaligheid	9
2.1 Teorie oor tweetaligheid	9
2.2 Die aanleer van die moedertaal en die tweede taal	10
2.2.1 Foute wat by die aanleerproses begaan word	11
2.2.1.1 Teorie oor foutemaak	11
2.2.1.2 Taalkennis en taalgebruik	12
2.2.1.3 Idiolek en oorgangskennis	13
2.2.1.4 Corder se onderskeid tussen vergissings en foute	14
2.2.1.5 Corder - onnoukeurige taalkennis	14
2.2.1.6 Corder - foute onbekend by moedertaal	14
2.2.1.7 Corder - foutemaak is deel van die aanleerproses	14
2.2.1.8 Opsomming van Corder se veronderstellings	15
2.3 Tweetaligheid in die praktyk	15
2.3.1 Stabiele tweetaligheid	15
2.3.1.1 Taalkontakmoontlikhede	16
2.3.1.2 Ekonomiese funksies	16
2.3.1.3 Kulturele funksies	16

2.3.1.4	Taalgebruik van Frans en Engels in Kanada	16
2.3.1.5	Franse taalgemeenskap	17
2.3.1.6	Diglossie en tweetaligheid	17
2.4	Tweetaligheid in Suid-Afrika in die hede en die verlede	17
2.4.1	Taalvariante	17
2.4.1.1	Taalgetrouheid	18
2.4.1.2	Gepidginiseerde Afrikaans en Fanagalo	20
	Voetnote	22

HOOFSTUK 3

3	Die taalsituasie in die Molopodistrik (Bophuthatswana)	23
3.1	Taalkontak	23
3.2	Taalgebruik	23
3.2.1	Die huistaal	24
3.2.2	Taalomgewing	24
3.2.3	Religieuse taal	24
3.2.4	Die skooltaal	25
3.3	Media	25
3.3.1	Die radio	25
3.3.2	Televisie	26
3.3.3	Koerante	26
3.3.4	Tydskrifte	26
3.3.5	Boeke	26
3.4	Faktore wat taalgebruik kan beïnvloed	27
3.4.1	Frekwensie	27
3.4.2	Motiveringsfaktore	28
3.4.3	Politieke faktore	29
	Voetnote	31

HOOFSTUK 4

4.1	Beskrywingsraamwerk	32
4.1.1	Die versteuring in 'n tweede taal	32
4.2	Beskrywing van foute	34
4.3	Sintaktiese patroonversteuringsvlak	35
4.3.1	Woordorde	35
4.3.1.1	Die stelsin	35

4.3.1.1.1	Die onderwerpskakel	37
4.3.1.1.2	Voornaamwoordelike verwysing	38
4.3.1.1.2.1	Die persoonlike voornaamwoorde	38
4.3.1.1.2.2	Die besitlike voornaamwoorde	39
4.3.1.1.2.3	Die aanwysende voornaamwoorde	40
4.3.1.1.2.4	Die vraende voornaamwoorde	41
4.3.1.2	Die vraagsin	41
4.3.1.2.1	Die algemene vraagsin	42
4.3.1.2.2	Die spesifieke vraagsin	43
4.3.2	Voegwoorde	44
4.3.3	Bepalings	50
4.3.3.1	Die lidwoorde	50
4.3.4	Die werkwoordstukkern	55
4.3.4.1	Die lydende vorm (tirwa)	55
4.3.4.2	Die deeltjiewerkwoorde	57
4.3.4.3	Die hulpwerkwoord van tyd	61
4.3.4.4	Ontkenning	62
4.3.5	Tabulering van die frekwensie en aard van versteuring	64
4.4	Leksikalties - semantiese patroonversteuringsvlak	65
4.4.1	Tabulering van die frekwensie en aard van versteuring	70
4.5	Morfologiese patroonversteuringsvlak	71
4.5.1	Substantiewe	71
4.5.1.1	Soortnaamwoorde en massanaamwoorde	71
4.5.1.2	Maatnaamwoorde	76
4.5.2	Werkwoordelike afleiding	77
4.5.2.1	Werkwoorde sonder die gebruik van die <u>ge-</u>	77
4.5.2.2	Weglaat van <u>ge-</u>	78
4.5.3	Die trappe van vergelyking	79
4.5.4	Verkleining	80
4.5.5	Tabulering van die frekwensie en aard van versteuring	81
4.6	Fonologiese patroonversteuringsvlak	82
4.6.1	Versteurings ten opsigte van vokale	82
4.6.1.1	Die vokaalkaarte	82
4.6.1.2	Die Afrikaanse en Setswana vokaalkaarte	83
4.6.1.3	Verskil in die vokaalkaarte	83

4.6.1.4	Die foneem /ə/	83
4.6.1.5	Die geronde voorvokale	84
4.6.1.6	Die foneem /oe/	85
4.6.1.7	Vokaalinvoging	87
4.6.1.8	Die diftonge	89
4.6.2	Versteuring ten opsigte van konsonante	89
4.6.2.1	Die foneem /b/	89
4.6.2.2	Die foneem /d/	90
4.6.2.3	Die foneem /c/	91
4.6.2.4	Die foneem /j/	91
4.6.2.5	Die foneem /x/	93
4.7	Tabulering van die frekwensie en aard van versteuring	94
	Voetnote	96

HOOFSTUK 5

Samevatting	97
-------------	----

CHAPTER 5

Summary	99 - 100
Bibliografie	101 - 108

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleiding

Hierdie studie wil die patroonversteurings¹ van 'n proefgroep Batswana², persone wie se primêre taal³ Setswana is, ontleed. Die studie is 'n sosiolinguistiese studie omdat dit gaan oor taal in sy sosiale konteks (Labov 1972: 180). Patroonversteurings het baie te make met die aard van die taalaanleerder se moedertaal. Wanneer 'n persoon meer as een taal beheers, kan daar sprake van patroonversteurings wees. Gesien die tale - opset ten opsigte van die Batswana, is dié moontlikheid groot.

Die begrip tweetaligheid⁴ en meertaligheid⁵ kom ter sprake, omdat die Setswanasprekende sy uitgangstaal⁶, naamlik Setswana, naas die doeltaal, naamlik Afrikaans, gebruik.

Setswana bestaan uit twaalf dialekte⁷, maar vir die doel van hierdie studie word Standaardsetswana⁸ as vergelykingsbasis geneem.

1.2 Doelstelling

Die primêre doel met hierdie studie is om die Setswanasprekende se gebruik van Afrikaans onder die volgende hoofde te bespreek:

1.2.1 Om die oorsaak van die patroonversteurings vas te stel.

1.2.2 Dit word beoog om antwoorde te vind op vrae soos:

- (i) wanneer praat die Batswana Afrikaans?
- (ii) met wie praat hulle dit?
- (iii) het die spreker gesê wat hy wou sê?

1.2.3 Hierdie studie wil ook die Setswanasprekende se houding teenoor Afrikaans blootlê, asook die invloed wat Setswana op Afrikaans uitoefen.

1.2.4 Die mate waarin die Setswanaspreker se Afrikaansuitvoer gekortwiek word deur taalversteuring in die invoer, sal beskryf word aan die hand van 'n foutanalise⁹ (FA). Hierdie FA moet rekenskap gee van die sistemiese omgewing waar Setswana met Afrikaans kontak maak. Die Motswana se geïnternaliseerde kennis van sy moedertaal medebepaal sy uitvoer in die doeltaal. Waar die sisteme van die moeder- en doeltaal in 'n groot mate ooreenkom, sal die taalaanleerder ooreenstemmend minder gekortwiek word; die aanleerproses word dus daardeur bevoordeel.

Inherent aan tweedetaalaanleer is ook tweedekultuuraanleer en diengevolge interferensie ten opsigte van albei tale en kulture.

Diebold (1964: 495) stel dit byvoorbeeld so:

"It is assumed that when there is contact between two societies whose members speak different languages, there will result certain linguistic and other cultural changes which must be attributed directly to the fact of contact. This will be evident upon examination of the change subsequent to the contact of the two groups. Language contact and culture contact universally result in the transfer of elements from one system to the other, by a process which has been variously labelled borrowing or diffusion."

1.2.5 Aandag word gegee aan die verskillende omstandighede waaronder Afrikaans en Setswana gebruik word, dit wil sê van watter taal die Motswana hom bedien wanneer hy by die huis is, by die werk (skool) en by die kerk.

Die Setswanasprekende maak kontak met Afrikaans op beide formele en informele vlak, dit wil sê kontak word op skool en in die werkkring gemaak.

1.3 As agtergrond vir hierdie studie sal 'n uiteensetting gemaak word oor die teorie van tweetaligheid en hoe dit in die praktyk werk, oor tale in kontak en hoe dit in die R S A gewerk het. (Vergelyk hoofstuk 2).

1.4 NAVORSINGSPROSEDURE

Die data is versamel deur die deelnemeropmerkertegniek.¹⁰

1.4.1 Veldwerk

In besonderheid word die data ontleed wat versamel is van 117 leerlinge van die C N Lekalake skool, in die distrik Molopo.

Die respondente se agtergrond is as volg:

Geslag	Groep A		Groep B		Groep C		Totaal
	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	
Setswana as moedertaal	16	16	14	20	9	15	90
Suid-Sotho as moedertaal	1	4	-	-	1	3	9
Xhosa as moedertaal	4	2	2	-	1	1	10
Afrikaans as moedertaal	1	1	-	-	-	-	2
Sepedi as moedertaal	1	1	-	-	-	-	2
Zulu as moedertaal	-	1	-	-	1	-	2
Shangaan as moedertaal	-	-	1	-	-	-	1
Engels as moedertaal	-	-	-	-	-	1	1
Totaal	23	25	17	20	12	20	117

76,9% van die respondente gebruik dus Setswana as moedertaal.

1.4.2 Die Respondente

Die respondente wat ondervra is, val almal in die ouderdomsgroep 12 - 18 jaar.

Ouderdom	Standerd 5		Standerd 6		Standerd 7	
	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies
12 - 14	12	20	5	10	6	-
15 - 17	9	4	10	8	6	20
18 en hoër	2	1	2	2	-	-

1.4.3 Die versameling van die data (De Vleeschauwer, J.N.A. 1978: Honneurs aantekeninge.)

1.4.3.1 Spontane opstelle

Elke leerling het spontaan 'n storie geskryf in Afrikaans. Die leerlinge is meegedeel dat hulle spontaan moet skryf wat in hulle gedagtes opkom. Die hele klas het die opdrag uitgevoer.

1.4.3.2 Beheerde opstelle

'n Storie oor Voete, die boskabouter is aan hulle voorgelees en daarna is hulle versoek om die storie in hul eie woorde oor te skryf. Die leerlinge het die storie binne twintig minute oorgeskryf.

Dit wat hulle oorgeskryf het, het hulle op versoek oorvertel in Engels en hulle moedertaal, naamlik Setswana.

1.4.3.3 Bandopnames

Nadat die bogenoemde opdrag uitgevoer is, is die respondente gevra om monoloë in die moedertaal in Engels en Afrikaans te lewer. Die gesprek het drie minute geduur. Die respondente was vry om enige onderwerp te kies. Hulle is aangemoedig om hulle eie keuse te maak. Party van die respondente het gevra om die band terug te speel sodat hulle kon kontroleer of hulle gesê het wat hulle wou sê. Dié wat nie tevrede was nie, het herhaal wat hulle wou sê.

Die houding van die respondente teenoor hierdie projek was baie positief. Die hele projek is aan die respondente verduidelik en hulle was tevrede met die verduideliking wat verskaf is.

1.4.3.4 Ontleding van die data

Die respondente het luister-, lees- en skryfervarings, sowel as luister-, lees- en skryfvermoë in Setswana, Engels, Afrikaans en 'n luistervermoë in Xhosa, Zulu, Sepedi en Suid-Sotho.

Die respondente se opstelle is ontleed op die volgende vlakke: sintakties, leksikalies-semanties, morfologies en fonologies. Die respondente se geslag en ouderdom is ook in ag geneem.

1.5 Omdat hierdie studie sosiolinguisties van aard is, word nou oorsigtelik op hierdie aspek ingegaan.

1.5.1 Sosiolinguistiek

In die sosiolinguistiek word taal bestudeer vanuit sy primêre funksie. Taal word primêr gebruik vir die totstandbring van kommunikasie tussen mense. Sosiolinguistiek sal uiteindelik beteken dat, ten minste gedeeltelik, 'n ontleding gemaak word van hoe mense in die werklikheid met mekaar kommunikeer in die alledaagse samelewing, byvoorbeeld in winkels, busse, treine, op skool, in doktersspreekkamers, fabriek en by die huis. (Stubbs 1983: 7). Taal is dus primêr 'n sosiale en kommunikatiewe handeling. Pride (1972: 7) ondersteun hierdie sienswyse as hy sê:

"Sociolinguistics has been established as a distinct discipline for some years, comprehending the study of the structure and use of language in its social and cultural contexts."

Kanngiesser (aangehaal deur Dittmar 1976:132) ondersteun hierdie sienswyse deur te sê:

"Linguistics ... is ... ipso facto also 'sociolinguistics', for like all behaviour, linguistic behaviour takes place in a social context"

Sosiolinguistiek kan benader word soos Fishman (1971:8) dit byvoorbeeld sien:

"Sociolinguistics has been viewed, very largely, as a means of widening the contextual horizons of linguistics, beyond the phrase, beyond the sentence, beyond the utterance, to the speech act, the speech event and the speech occasion. Social units such as the latter can be demonstrated to regulate, predict or generate systematic phonological, syntactic, morphological and semantic patterns where only free variation or weak structure would be evident without their aid."

In die taalkundige beskrywing van die proefgroep se Afrikaans sal die korrelerende data uit die sosiologie en die linguistiek beskryf word. Die data wat deur die proefgroep verskaf is, is die resultaat van 'n korrelasie van sosiologiese en linguistiese gegewens en dit is in so 'n mate ontleed dat gevolgtrekkings gemaak kon word.

1.5.2 Enkele sosiolinguistiese ondersoeke wat alreeds gedoen is
wat verband hou met hierdie studie

Die gebruik van Afrikaans deur die Swartmense is in verskeie verhandelinge ondersoek. Net 'n paar sal na verwys word.

Nkatini, N.L. het in 1978 'n goeie bydrae gelewer met sy M A-verhandeling oor: Die Afrikaansvaardigheid van 'n proefgroep Tsongas- 'n sosiolinguistiese studie. (U N I N).

Van Dyk, T.J. 1976 het vir sy M A-verhandeling die volgende ingelewer: Die Afrikaans van Xhosa-sprekers. Uitspraakprobleme by vokale. (U O V S).

Kotze, E.F. 1977. 'n Sosiolinguistiese ondersoek na sintaktiese, morfologiese en leksikale afwykings in die Afrikaans van die Xhosa. (Wits). M A-verhandeling.

Klopper, A.H. 1981. Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in die R S A - 'n sosiolinguistiese ondersoek. (U O V S). M A-verhandeling.

Gamaroff, R. 1986. Native language transfer in the Tswana speaker's English. (P U VIR CHO). M A-verhandeling.

Daar is 'n artikel oor Woordvormversteurings in die Afrikaans van die Bantoes deur Van Wyk in Taalfasette (Taalkongresverhandelinge) Deel II 1966.

Hierdie studie wil uiteindelik ook 'n bydrae lewer op die betrokke gebied.

VOETNOTE

1. PATROONVERSTEURINGS

Wanneer die sisteemnorme van 'n primêre taal op 'n sekondêre taal toegepas word, kan dit versteuring van laasgenoemde deur eersgenoemde genoem word. (Van Wyk 1966: 29). Weinreich (1953: 1) stel dit so: "Those instances of deviation from the norms of either language which occur in the speech of bilinguals as a result of their familiarity with more than one language, i.e., as a result of language contact."

2. BATSWANA X MOTSWANA

Die term "Batswana" verwys na die meervoudsvorm van die woord "Motswana". Die Motswana se moedertaal is Setswana. Waar die term "Motswana" gebruik word, sal dit nie noodwendig na die enkelvoud verwys nie, maar verwys na die 'mens', dit wil sê net soos wat 'n mens die woord 'Afrikaner' kan gebruik.

3. PRIMÊRE TAAL

Dit is die eerste taal wat 'n mens aanleer, naamlik die taal waarin 'n mens leer praat. 'n Mens se eie taal word die "primêre taal" of "moedertaal" genoem.

Weinreich (1953: 1) beskryf dit as "the native or earlier learned language."

4. TWEETALIGHEID

Dit is die ewebeheersing of afwisselende gebruik van twee tale met ewe gemak. "The practice of alternately using two languages, will be called bilingualism." (Weinreich 1953: 1).

5. MEERTALIGHEID

Dit is die vermoë om meer as twee tale te beheers en met gemak te praat. (Ibid).

6. UITGANGSTAAL

Die uitgangstaal is klaarblyklik die bes/volledigste geïnternaliseerde taal van 'n twee- of meertalige.

7. DIALEK

Dialek word gesien as 'n onderdeel van 'n groter eenheid, naamlik die taal. "Aan een groep dialecten die gezamenlijk een grotere eenheid uitmaken teenover een andere groep, geeft men de benaming van 'taal'." (Lecoutere 1959: 211). Volgens hierdie interpretasie dui die begrip "taal" op 'n groter eenheid waarbinne 'n kleiner of groter aantal dialekte saamgevat word.

8. STANDAARDSETSWANA

Dit is die taalvorm wat algemeen aanvaar word deur die Batswana. Dit is 'n gestandaardiseerde taalverskeidenheid wat 'n standardiseringsproses ondergaan het. Standaardsetswana word bestempel as die suiwer vorm van taalgebruik en dit word as die nasionale taalvorm aanvaar. Dit is die taal wat op skool en die universiteit gebruik word, dit is die amptelike taal van die land en dit word ook oor die radio en televisie gebruik.

9. FOUTANALISE (FA)

" error analysis (EA), has examined empirically the actual errors in the TL produced by second language learners and has sought to explain their cause. Proponents of this approach make no prior predictions of learner difficulty based on CA instead, the differences between the NL and TL, overgeneralization, strategies of learning, and communication and a variety of other sources." (Corder 1983b: 363).

10. DEELNEMEROPMERKERTEGNIEK

Die ondersoeker skep 'n baie informele situasie terwyl hy die deelnemers goed dophou; die respondente aan die ander kant is nie daarvan bewus nie. Labov noem dit "Observers paradox." (Labov 1972: 181).

HOOFSTUK 2

2. TWEETALIGHEID

'n Bespreking van die teorie oor tweetaligheid is belangrik vir hierdie ondersoek omdat die teikengroep meertalig is (dus ook tweetalig). Setswana as moedertaal en een of meer sekondêre tale. (Afrikaans, Engels, Xhosa). Daar bestaan 'n taalkontaksituasie tussen die verskillende taalgroepe, nl. die Setswanasprekendes en andertaliges (maar veral tussen Afrikaans en Setswana).

Die taalkontak tussen die Batswana en Afrikaners gaan gewoonlik gepaard met taalversteuring. Vir die doel van hierdie studie reduseer ek hulle meertaligheid tot tweetaligheid (net Setswana en Afrikaans). Wat Afrikaans en Setswana betref, is die Batswana tweetalig. Die taalversteurings wat voorkom, sal dus die graad van hulle tweetaligheid illustreer.

In die lig hiervan volg 'n bespreking van die begrip tweetaligheid.

2.1 TEORIE OOR TWEETALIGHEID

'n Persoon is tweetalig wanneer hy twee tale om die beurt praat. Steyn (1980: 7) skryf die volgende oor hierdie persone:

"..... en praat die ander taal in sommige opsigte soos hul eie taal."

'n Tweetalige persoon het 'n tweede taal aangeleer en sy uitings is verstaanbaar wanneer hy dit gebruik. Diebold (1964: 496) skryf die volgende in hierdie verband:

"..... is the ability of the speaker to produce complete meaningful utterances in the other language."

By die aanleer van 'n tweede taal is dit onvermydelik dat foute begaan sal word, omdat om foute te maak, 'n deel uitmaak van tweedetaalverwerwing. Foutemaak kan dus beskou word as 'n resultaat van taalversteuring by die aanleer van 'n tweede taal. Corder (1983b: 163) skryf só in hierdie verband:

"..... errors were the result of interference in the learning of the second language."

Oor die foute wat 'n leerder begaan, is daar twee gedagterigtings. Die eerste een postuleer:

"..... if we were to achieve a perfect teaching method the errors would never be committed in the first place." (Corder 1983b: 164).

Die tweede is dat:

"..... we live in an imperfect world and consequently errors will always occur in spite of our best efforts."
(Ibid)

Die bogenoemde gedagterigtings bring mens tot 'n bespreking van taalverwerwing. Dit sal dus belangrik wees om te praat oor taalverwerwing in hierdie verband. Vir hierdie studie is hierdie aspek nie belangrik nie, maar dit sal help as agtergrond vir die vasstelling van foute wat deur die taalaanleerder begaan word.

2.2 DIE AANLEER VAN DIE MOEDERTAAL EN DIE TWEDE TAAL

Taalvermoë is dié eienskap eie aan die mens wat hom onderskei van ander lewende wesens. Behalwe waar daar fisiologiese probleme is, is daar nie probleme by die aanleer van die moedertaal nie. Dit geskied op 'n natuurlike wyse en die kind verwerf sy taal soos hy ook leer om te loop, sit en om sy handvaardigheid te verbeter.

"..... the learning of the mother tongue is part of the whole maturational process of the child." (Corder 1983b: 164).

Volgens Corder (Ibid 164-165) word elke kind gebore met 'n vermoë wat hom in staat stel om die taal waaraan hy blootgestel word aan te leer, wat daarop neerkom dat hy in die proses 'n stel abstrakte reëls internaliseer om voortdurend nuwe sinne te vorm. Dit is die resultaat van 'n spesifieke ryppwordingsproses by die mens. Die kind besit 'n aangebore biologiese program wat hom in staat stel om te soek na 'n sisteem in die taal wat hom omring. Hierdie taalgereedheid is egter van korte duur. Dit begin op die ouderdom van omtrent twee jaar en neem skerp af met verstandelike volwassenheid gedurende die vroeë tienderjare. Gedurende hierdie tydperk is die kind besonder taalsensitief en kan hy enige taal met ewe veel gemak aanleer en beheers. Sodra hierdie tydperk egter afgeloop het, ondervind alle kinders probleme met die aanleer van die tweede taal. Dit kan nie met presiesheid gesê word hoe die moedertaal aangeleer word nie.

Dit bly nog altyd 'n raaisel. Daar bestaan 'n verskeidenheid teorieë aangaande die proses van taalverwerwing. Daar is veel oor geskryf; hierdie studie neem net oppervlakkig kennis daarvan. Dit kan aanvaar word dat enige persoon 'n tweede taal waaraan hy blootgestel word, sal aanleer.

"..... it is inevitable that a human being will learn a second language if he is exposed to the language data."
(Corder 1983b: 166).

Uit bogenoemde blyk dit dat die prosesse wat plaasvind by die aanleer van die moedertaal ook plaasvind by die aanleer van die tweede taal, alhoewel die stappe van aanleer sal verskil.

2.2.1 Foute wat by die taalaanleerproses begaan word

Volgens Corder (1983b: 166) is die foute wat deur die leerlinge begaan word belangrik om die volgende redes:

- (i) Die foute wat deur leerlinge begaan word, help die onderwyser om vas te stel hoeveel die leerling geleer het ten opsigte van die onderwyser se doel.
- (ii) Dit verskaf die taalondersoeker (met) die feite oor hoe 'n taal verwerf word, watter prosedure gevolg moet word om 'n taal aan te leer, en
- (iii) dat foute deel is van die taalaanleerproses. Foute word gemaak in beide die moedertaal en tweede taal.

2.2.1.1 Teorie oor foutemaak

In hierdie afdeling sal die volgende aspekte oorweeg moet word, naamlik:

- (i) Taalkennis en taalgebruik.
- (ii) Foute en vergissings.
- (iii) Idiolek.
- (iv) Oorgangskennis (kennis oor die teikentaal word openbaar).

Aspekte (i) en (ii) word saam behandel, en aspekte (iii) en (iv) word saam behandel om redes wat later duidelik sal word. (Vergelyk p. 12).

2.2.1.2 In 1967 het Corder taalkennis en taalgebruik beskryf in terme van foute en vergissings. Volgens hom is foute sistematiese afwykings van taalkennis, onaanvaarbare uitings in die teikentaal, terwyl hy vergissings beskryf het as onsistematiese afwykings van taalgebruik, as gevolg van nalatigheid en ander psigologiese toestande.

Die onderskeid tussen sistematiese en onsistematiese foute is belangrik. Corder verwys na die feit dat daar altyd maar foute voorkom in die taalgebruik van die volwassene wanneer hy sy moedertaal gebruik:

"These are due to memory lapses, physical states such as tiredness, and psychological conditions such as strong emotion. These are adventitious artifacts of linguistic performance and do not reflect a defect in our knowledge of our own language." (Corder 1983b: 168).

Van hierdie soort vergissings is die spreker gewoonlik onmiddellik bewus en hy is in staat om sulke vergissings dadelik te herstel. In hierdie opsig sal dit baie onregverdig wees om nie ook sulke vergissings by die tweedetaalaanleerder te verwag nie, omdat hy in dieselfde toestand verkeer wanneer hy sy moedertaal of tweede taal gebruik.

Corder stel dit verder so:

"We must therefore make a distinction between those errors which are the product of such chance circumstances and those which reveal his underlying knowledge of the language to date, or, as we may call it, his 'transitional competence.' The errors of performance will characteristically be unsystematic" (mistakes) "and errors of competence, systematic" (errors). (Ibid).

Volgens Gamaroff (1986: 50) het Corder in 1972 'n ander definisie gegee oor taalgebruik wat niks te doen het met vergissings nie. Hy skryf:

"He defines performance as the ability to use well formed sentences in an 'appropriate' situation."

Waar die 1972-definisie verwys na "sentences produced by a native speaker in some appropriate situation" verwys sy 1967-definisie na "nothing more than slips of the tongue and loss of memory."

'n Teenargument vir die bogenoemde deur Morrisey (1983: 196-7) is die volgende:

"Corder's distinction between rule-governed 'errors' and self-correctable 'mistakes' is valid but to call the one 'competence errors' and the other 'performance mistakes' is to deflate the notion of performance."

Gamaroff is van opinie dat Ngara (1983) nie bewus is van Corder se 1972-definisie oor taalgebruik nie. Hy is in elk geval nie verkeerd as hy in Corder se 1967-standpunt oor taalgebruik glo nie, want nêrens verwerp Corder sy (eie) 1967-definisie in sy latere werke, ten gunste van sy 1972-definisie nie.

2.2.1.3 Idiolek en Oorgangskennis

Corder (1981 : 15) verwys na die model van die leerling se tweede taal as 'n idiolek, dit wil sê dat elke individu 'n eie, aan hom unieke taalgebruik het:

" ... an idiosyncratic dialect, i.e. a unique and individual idiolect."

Hy gaan verder deur te sê dat die begrip ongrammatikaal of afwyking nie van toepassing is by die leerling nie, dit wil sê nie van toepassing is by die leerling se idiolek nie. Hy gaan voort deur te sê:

" the concepts of error and acceptability have as little utility in the study of the learner's language as they do in the study of the infant's." (Corder 1981 : 34).

Hy onderskei twee verskillende tipes studente by die aanleer van die tweede taal. Die eerste groep studente ken die reëls van die teikentaal; hulle kan dit egter nie toepas nie - dit kom neer op 'n gebrek aan korrekte taalgebruik, dit is vergissings. Die tweede groep studente ken nie die reëls van die teikentaal nie, en sal nooit taalgebruiksfoutte begaan nie omdat hy geen reël ken nie. Dit is wat hy bedoel as hy skryf:

"' idiosyncratic' never implies failure in performance".
"The only sentences in anyone's speech which could, I suggest, with justice be called erroneous are those which are the result of some failure of performance. These may contain what are often called slips of the tongue, false starts, changes of mind and so on." (Corder 1981: 18).

2.2.1.4 Vir Corder (1981: 53) is die belangrikste faktor by die student se "erroneous sentences" dat dit maklik is vir die student om sulke foute te korrigeer. Wanneer hy die term "erroneous" gebruik, verwys hy na vergissings. Dit is nie duidelik vir die leser nie omdat hierdie beskrywing verwarring veroorsaak. Hy verduidelik dat hy die term "error" gebruik ten opsigte van gebrekkige taalgebruik, wat hy vroeër beskryf het as vergissings (mistakes). Vroeër het hy alreeds foute (errors) beskryf as sistematiese afwykings van die reëls van die teikentaal, dit wil sê van die oordragsvermoë, (transitional competence) en vergissings (mistakes) as gebrek aan korrekte taalgebruik.

Corder bepleit ook dat alle uitings voorlopig as foutief aanvaar moet word. Maar in hierdie siening weerspreek hy hom omdat hy vroeër gesê het dat die leerder se uitings nooit foutief is nie.

2.2.1.5 In 'n latere lesing hou Corder vol dat die leerder se kennis oor die taal onnoukeurig maar volledig is. Hy sê:

"It doesn't seem possible to describe the same model as always being 'inaccurate' and at the same time as never being 'ungrammatical'. Similarly it does not seem possible to describe the same model as reflecting both 1, Traditional competence which refers to inaccuracy in terms of the TL and 2, ISD which refers to a complete unique error free idiolect." (Corder 1981: 53).

2.2.1.6 Corder bevestig dat net soos die begrip van taalkennis, is foute onbekend by die aanleer van die moedertaal, en gevolglik ook onbekend by die idiolek. Die gevolgtrekking wat hier gemaak kan word, is dat taalaanleerders nie taalkennisfoute kan begaan nie, omdat hulle nie die reëls van die teikentaal ken nie.

2.2.1.7 Corder vermeld ook dat foutemaak deel is van die aanleerproses, en dat hierdie verskynsel dalk 'n belangrike faktor is by die bestudering van 'n leerder se taalfoute. Hier verwys hy na die foute van die taalkennis, omdat die foute by taalgebruik nie so belangrik is vir taalaanleer nie. As hy hier na die taalkennisfoute verwys, sal dit impliseer dat die idiolek, wat volgens hom nie ongrammatikaal kan wees nie, nie van belang vir taalaanleer is nie: hy het egter tog enkele male daarna verwys dat die idiolek relevant is vir taalaanleer. Hy het ook beweer dat die idiolek onnoukeurig is.

2.2.1.8 'n Mens kan Corder se veronderstellings op die volgende manier opsom:

- (a) Die foute wat begaan word as gevolg van taalkennis, is belangrik by taalaanleer.
- (b) Die taalaanleerder kan nie taalkennisfoute of taalgebruiksvergissings begaan nie.
- (c) Dat die idiolek grammatikaal, volledig en onnoukeurig is.
- (d) Dat alle uitings in die teikentaal voorlopig foutief is.

Andersom kan dit gesê word dat die leerder se taal:

- (a) onbelangrik is omdat sy idiolek geen taalkennisfoute (competence errors) bevat nie, en
- (b) belangrik omdat sy idiolek taalgebruiksfoute bevat.

2.3 TWEETALIGHEID IN DIE PRAKTYK

2.3.1 Stabiele tweetaligheid

Dit is Rhodie en Swart (Steyn 1980: 22) se mening dat twee kulture naas mekaar kan bestaan. Daar is nog nie 'n presiese taalekwivalent vir hierdie kulturele "pluralisme" gevind nie. Stabiele tweetaligheid bestaan hoofsaaklik as gevolg van:

"..... geografiese en/of sosiale skeiding tussen sprekers van twee verskillende tale." (Ibid).

Die beroemdste tweetalige situasie wat hier as voorbeeld kan dien, is dié in Paraguay. In dié land het Spaans en Guarani die afgelope drie eeue saam bestaan. Omtrent 52% van die bevolking is tweetalig en omtrent 92% is Guarani magtig. Rubin (1972: 350) skryf die volgende oor hierdie bevolking:

"The bilingual may either have learned both languages simultaneously as an infant or he may have learned them successively with either Spanish or Guarani being the first language."

Nie een van die twee tale word geassosieer met sterk prestigegevoelens nie en die inwoners praat die twee tale om die beurt op alle vlakke van die samelewing.

2.3.1.1 Om die stand van 'n taal vas te stel, sal die taalondersoeker demografiese prosesse, kontakmoontlikhede, winste en verliese van hoë funksies en die houding teenoor die eie en die ander taal in aanmerking moet neem. Die ondersoeker sal antwoorde moet kry op vrae oor die moontlike daling of styging in die geboortesyfer, die immigrasie van andertaliges en emigrasie van die moedertaalsprekers. Die volgende in verband met die verspreiding van die taalgemeenskap sal ook in ag geneem moet word: in watter mate dra die werk, woonbuurte en die sosiale lewe by tot taalkontak; is gemengde huwelike algemeen en watter taal geniet voorkeur?

2.3.1.2 Ekonomiese funksies speel ook 'n belangrike rol in hierdie verband. Dit moet vasgestel word of die taal 'n werkgewertaal is in

- (i) die privaatsektor
- (ii) die staatsdiens.

2.3.1.3 Kulturele funksies is ook belangrik. Vrae soos die volgende sal opkom:

- (i) Is dit 'n koeranttaal? Is dit 'n radio- en televisietaal? Word die taal in die skole en universiteite gebruik? Bogenoemde vrae kan regstreeks beantwoord word deur opnames te maak van wát mense wáár praat. Oor die houding van die mense teenoor hul eie en die ander taal, kan daar 'n onregstreekse benadering gebruik word.

2.3.1.4 'n Onderzoek is ingestel deur taalonderzoekers oor die taalgebruik van Frans en Engels in Kanada:

"Volledige tweetalige taalgebruikers het 'n teks in Engels en 'n weergawe van dieselfde teks in Frans voorgelees. Bandopnames is daarvan gemaak en die bandjies dan voorgespeel aan 'n aantal proefpersone. Nadat hulle geluister het, moes hulle sê wat hulle van die mense dink wat die tekste voorgelees het. Omdat dieselfde mense die teks in albei tale gelees het, kon die stem, die manier van praat en die intonasie nie die luisteraars beïnvloed nie. Die luisteraars het nie geweet dis dieselfde persone wat die Frans en Engels voorgelees het nie." (Steyn 1980: 23).

Die gevolg was dat die Engelstalige Kanadese gevoel het dat die persone wat die Engels voorgelees het beter gelees het as dié persone wat Frans gelees het. Selfs die Franse Kanadese het ook gevoel dat die Engelse groep beter voorgelees het.

2.3.1.5 "Die Franse taalgemeenskap behoort tot 'n laer sosiale laag. Wanneer 'n taal gepraat word deur 'n groep met 'n lae sosiale posisie, word die taal en sy sprekers self ook negatief gewaardeer." (Ibid). In hierdie verband skryf Diebold so:

"Bloomfield spoke of the upper or dominant languages, which many speakers of the lower language learn, although few or no speakers of the dominant conversely learn the lower ... The upper language is spoken by the dominant and privileged group; many kinds of pressure drive the speaker of the lower language to use the upper language." (Diebold 1964: 497).

2.3.1.6 Diglossie en tweetaligheid

In die loop van die 19de eeu het naas diglossie ook tweetaligheid as taalfaktor belangrik geword.

"Waar daar van twee ampstale sprake is, soos Suid-Afrika, is diglossie 'n opmerklike verskynsel onder baie sprekers: vir hulle is daar 'n duidelike onderskeibare verskil tussen die funksies van Afrikaans teenoor die funksies van Engels." (Claassen en Van Rensburg 1983: 18).

Die onderskeiding hoef nie in alle gevalle aangetref te word nie. Vir 'n taalgemeenskap soos dié wat in Paraguay gevind word, wat ten spyte van die tweetaligetaalsituasie nie kan ooreenkom oor watter taal die hoëfunksietaal en watter taal die laefunksietaal is nie, bestaan daar beslis 'n tweetalige taalsituasie sonder diglossie.

"Diglossie kom vandag nog voor in die kenmerkende Afrikaanse dialekte wat (Kaapse) Bruinmense en Maleiers in informele situasies gebruik - dit is variante wat fonologies, leksikaal en in mindere mate ook sintakties van standaard-Afrikaans afwyk (Van Wyk 1978: 47). (Aangehaal deur Raidt, E.H. 1984: 73).

2.4 TWEETALIGHEID IN SUID-AFRIKA IN DIE HEDE EN DIE VERLEDE

2.4.1 Taalvariante

Die bestudering van taalkontak bring 'n mens in aanraking met 'n aspek van die verskynsel van variante wat aan die bestaan van tweetalige of meertalige taaltoestand toegeskryf kan word. Taalvariante wat so ontstaan, kom oor 'n wye spektrum voor - van pidginvorme tot byna standaardvorme.

"In Suid-Afrika dui die variante in Afrikaans, in Suid-Afrikaanse Engels¹, en in die Afrikaans en Engels wat sprekers van Swart tale² gebruik, op die taalgevolge van die meertalige Suid-Afrikaanse taalsituasie. Om ten minste die vanselfsprekende redes van 'n mate van duidelikheid i.v.m. die toekoms van die besondere tale, miskien die vorm daarvan, en die ordelikheid van hulle naasbestaan, is taalbeplanning nodig." (Claassen en Van Rensburg 1983: 23).

Taalbeplanning het te doen met 'n taalkeuse, en met intratalige taalaktiwiteite. Op die vlak van taalkeuse, geniet Afrikaans naas Engels sedert 1925 ampstatus, na die oorwinning van die Nasionale party in 1924. Daarvolgens vereis taalbeplanning dat sekere besluite geneem moet word in verband met die opleiding van taalonderwysers en oor die stimulering van ander tale naas die ampstale, naamlik Afrikaans en Engels. Die gelykberegtiging van twee ampstale moet gegrond wees op goeie beplanning wanneer dit kom by beleidsake: radio en televisietyd, die aanleerkeuse van een van hulle deur immigrante, die gebruik daarvan in skole, ensovoorts.

2.4.1.1 Taalgetrouheid

Die tweetaligheidsituasie in Suid-Afrika het probleme veroorsaak. Die taalgemeenskap is deur taalverskuiwing bedreig as gevolg van gemengde huwelike. Steyn (1980: 442) haal iemand aan uit "Die Huisgenoot" van 1948 wat gesê het:

"Ek sal beslis nooit 'n gemengde huwelik aanbeveel nie. Ek het my les geleer ten koste van my eie lewensvreugde." Die rede vir hierdie stelling vat hy as volg saam:

"Wanneer twee persone van verskillende nasionaliteite met mekaar getroud is, is die kans baie groot dat die volle huweliksgeluk en vreugde in die lewe nie verwesenlik sal word nie, want daar is te veel verskille van diepgaande aard wat voortdurend tot wrywing en botsings aanleiding sal gee. Dit geld natuurlik alleen wanneer ons te doen het met mense van 'n uitgesproke godsdienstige geloof, besiel met ware vaderlandsliefde. Indien een van die twee al hierdie dinge wil prysgee, of altans die meeste daarvan, en bereid is om op te gaan in die godsdiens en lewensbeskouings van die ander en die tradisionele volksgewoontes van die ander sy eie te maak, dan is daar 'n mate van huweliksgeluk en vreugde tog nog moontlik in 'n gemengde huwelik. Maar ook hier sal die een hom aan die ander moet onderwerp en dan ten slotte miskien tog nog die veragting van die ander verwerf om sy of haar swakheid."

Alhoewel die Afrikaans- en Engelssprekendes se godsdiens en ander gewoontes nie meer verskil nie, bly daar nog 'n verskil in die taal en as die Afrikaanse moeder 'n swak persoonlikheid het en ontrou is aan die taal, loop so 'n huwelik natuurlik uit op 'n verlies vir Afrikaans. Daar is gelukkig altyd 'n kompromis in gemengde huwelike, naamlik dat die kinders tweetalig grootgemaak word, of die seuns gaan na die vadertaalskool en die dogters gaan na die moedertaalskole toe.

"Oor die taalgetrouheid van die Afrikaanse vrou gee die geskiedenis uiteenlopende getuienis." (Ibid).

In die negentiende eeu is Engels algemeen bo Afrikaans verkies. Die meisies het Engels gepraat, hulle kinders het Engelse name gekry. Lettie, M E R se suster, het byvoorbeeld Engels met haar huisgesin gepraat en het haar kinders Engelse name gegee. Hierdie gebrek aan taalgetrouheid was nie net onder die Afrikaanse vroue te vind nie. Heelwat Engelssprekendes het in die negentiende eeu verafrikaans deur met Afrikaner-vroue te trou. Mev. E. Cecil skryf op die volgende manier oor daardie vroue:

"These women, have, however, a powerful influence, as they are possessed of such a strong personality, coupled with a great repugnance to any change from their own customs; and it is to be feared that in the minds of the Boer women, even more than among the men, there exists a rooted dislike of and contempt for everything British. It has been proved over and over again that the children of such marriages are Boers and not British in either character or sympathies." (Steyn 1980: 443-4).

Oor die toestand van sake vandag het verskeie ondersoeke in Suid-Afrika onthul dat, waar Engelsprekende vroue minder geneig is as Engelsprekende mans om Afrikaans te praat, Afrikaanse vroue veel meer as Afrikaanssprekende mans geneig is om Engels te praat. Hierdie ondersoeke help 'n mens om te verstaan waarom gemengde huwelike meermale op 'n verlies vir Afrikaans uitloop. Engelssprekendes het 'n swakker kennis van Afrikaans, en hulle houding teenoor die taal is nie positief nie. Hauptfleisch soos aangehaal deur Steyn (1980: 444) het gelyk as hy sê:

"ESSA⁴ women are not only loth to speak the second language when faced by the situations, but also express less interest in doing so."

Volgens Steyn (1980: 445) is dit ook bevind dat waar 'n huwelik ontstaan tussen 'n Afrikaanssprekende vrou en 'n Engelssprekende man, die Afrikaanse vrou positiewer is teenoor die tweede taal as die Engelse vrou, en die Engelssprekende man se kennis van Afrikaans swakker as die kennis van Engels van Afrikaanse mans en Afrikaanse vroue.

"'n Positiewe houding teenoor die taal beteken nie ontrou aan die moedertaal nie." (Ibid).

2.4.1.2 Gepidginiseerde³ Afrikaans en Fanagalo

Gepidginiseerde Afrikaans is in 'n sekere sin slegs swakker en sterker variante van dieselfde versteurde Afrikaans. Vir hierdie studie sal dit dus waardevol wees om oorsigtelik op hierdie aspek in te gaan.

Gepidginiseerde Afrikaans word deur moedertaalsprekers gepraat, en dus is die afwykings die resultaat van aanpassing.

Gepidginiseerde Afrikaans het ontstaan uit 'n noodsaak om in praktiese situasies oor taalgrense heen te kommunikeer. Die Afrikaans van baie Swartes, veral dié met min of geen opleiding, is doodgewoon nie goed genoeg om die moedertaalspreker van Afrikaans te volg nie. As die Afrikaanssprekende teenoor sulke Swartes nie gepidginiseerde Afrikaans gebruik nie, sal kommunikasie nie bewerkstellig word nie. Onder dié omstandighede het gepidginiseerde Afrikaans dus praktiese nut en kan 'n saak vir die gebruik daarvan uitgemaak word.

Op die oog af wil dit lyk of gepidginiseerde Afrikaans iets soos Fanagalo is, dit wil sê 'n pidgin. Dit is ewe min as Fanagalo vir praktiese doeleindes en elementêre kommunikasie gebruik.

Oor Fanagalo skryf Cole (1964: 553) die volgende:

"In the present circumstances Fanagalo fulfils a real need on the mines and in certain other industries where the multiplicity of languages creates an enormous problem of communication. It is of great value in the normal prosecution of the work, in the prevention of accidents, and in the maintenance of satisfactory relations between the workers, for lack of mutual understanding may lead to friction and violence. Wherever possible, however, its use is to be discouraged, for to address the Bantu in this debased jargon if not insulting, is certainly not courteous."

Fanagalo is egter nie 'n nabootsing van die wyse waarop Engelse of Zulu's Engels praat nie, terwyl gepidginiseerde Afrikaans Swart Afrikaans is soos Blankes dit praat. Fanagalo word ook gebruik deur sprekers van tale anders as Engels en Zulu, terwyl gepidginiseerde Afrikaans slegs deur Afrikaanssprekendes gebruik word.

Fanagalo is in 'n sekere mate veranderlik, maar word tog redelik eenvormig gepraat deur sprekers met verskillende moedertale. Daarteenoor kan gepidginiseerde Afrikaans en Swart Afrikaans gesien word as die afwykende Afrikaans van Blank en Swart onderskeidelik. Hiervolgens sou dit nie juis wees om gepidginiseerde Afrikaans 'n pidgin-Afrikaans te noem nie, alhoewel dit sekere kenmerke van 'n pidgin het, en ook nie soos een gebruik word nie.

Uit die hoofstuk blyk dit dat, by tweedetaalverwerwing foute gemaak word. Om die aard van die foute te begryp, is belangrik vir die taalonderwyser, die leerling en die taalondersoeker om redes wat reeds vermeld is. Dit blyk uit die hoofstuk dat die bestudering van foute wat deur leerlinge begaan word nodig is om probleme by die aanleer van 'n tweedetaal te ondervang.

Daar kan nou waargeneem word watter prosesse werksaam is by die teorie van tweetaligheid. Hierdie teorie stel ons in staat om die meertalige/tweetalige taalsituasie wat in die volgende hoofstuk behandel gaan word, beter te verstaan.

VOETNOTE

1. Suid-Afrikaanse Engels: "Lanham onderskei tussen ses 'dialekte' in Suid-Afrikaanse Engels. Een hiervan is 'African English' wat deur moedertaalsprekers van Bantoetale gepraat word en as gevolg van versteuring deur die moedertaal in so 'n mate afwykend is dat dit kommunikasie met sprekers van die ander 'dialekte' ernstig kan benadeel." (Claassen en Van Rensburg 1983: 163).
2. Swart Afrikaans word beskryf as 'n tipiese vorm van Afrikaans wat deur Swartes gepraat word en sodanig van standaard-Afrikaans afwyk dat dit moeilik verstaanbaar is vir diegene wat nie daarmee vertrouwd is nie. (Ibid). In beginsel is daar net soveel variante van swart Afrikaans as wat daar Bantoetale is waarvan moedertaalsprekers Afrikaans praat. 'n Zulu praat dit byvoorbeeld anders as 'n Motswana of 'n Venda.
3. Gepidginiseerde Afrikaans word deur moedertaalsprekers gepraat wanneer hulle met Swartes praat.
4. E S S A : Afkorting vir "English speaking South Africans."

HOOFSTUK 3

3. DIE TAALSITUASIE IN DIE MOLOPODISTRIK (BOPHUTHATSWANA)

Die Molopodistrik kan 'n meertalige gebied genoem word, want die volgende tale word gebruik: Setswana, Engels, Afrikaans en Noord-Sotho. Setswana is die primêre taal. Naas Setswana vind ons Engels en Afrikaans. Suid-Sotho en die Nguni- tale word ook gebesig. Setswana word die meeste gebruik en die res van die ander tale is sekondêr.

3.1 TAALKONTAK

Die amptelike tale is Setswana, Engels en Afrikaans. Afrikaans word egter weinig gebruik as 'n amptelike taal onder die Batswana self, maar volgens Steyn (1980: 286) sê Hiemstra dat Afrikaans die taal van die Batswana is:

"Hulle praat dit bo-gemiddeld vlot en goed, dikwels selfs onder mekaar 'n Redelike deel van die intellektuele laag praat Afrikaans goed en suiwer, maar die meeste sê hulle is meer vloeiend in Engels. Die skooltaal in die hoër standerds is en was Engels. Dit is ook die geval aan die swart universiteite."

Die geskoolde persone lees Engelse koerante en selfs die plaaslike weekblad, "The Mail", word in Engels gedruk. Dit is nie omdat die Batswana nie van Afrikaans hou nie, "..... maar die aanneemlikste verklaring vir die bogenoemde is dat Engels vir die Batswana meer 'n prestige- taal is, terwyl Afrikaans 'n pragmatiese waarde het." (Steyn 1980: 288).

3.2 TAALGEBRUIK

Volgens die Setswanakultuur, net soos in die meeste Swartstamme, behoort die kind altyd tot die vader se stam. Aangesien die vader die hoof van sy gesin is, het dit tot die gevolg dat sy moedertaal die taal van die gesin is. Dit impliseer dat indien byvoorbeeld 'n Motswanaman met 'n Xhosavrou sou trou, Setswana die primêre taal van die vrou word en haar moedertaal, naamlik Xhosa, sekondêr. (Schapera s.a.: 39).

3.2.1 Die Huistaal

76% van die respondente se huistaal is Setswana. Setswana, net soos enige ander taal, bevat verskillende registers¹ vir die verskillende persone in die gemeenskap. Die ondersoek het dit baie duidelik gemaak dat hierdie persone se taalgebruik varieer: so het 'n onderwyser byvoorbeeld verskillende taalregisters gebruik toe hy met 'n ongeletterde ouer praat en met dié ouer se seun op skool.

Die Setswanasprekende is sterk taalbewus. As bewys hiervan is die Setswana Taalraad in 1971 gestig. Hierdie Setswana Taalraad is gestig om die Setswana lojaliteit te bou en te handhaaf; met ander woorde, die gemeenskap word aangemoedig om die taal te leer en te skryf. Om die lede van die gemeenskap aan te moedig, word daar elke jaar 'n prys aan die beste Setswana skrywer toegeken en hierdie prys staan bekend as die "SOLOMON T. PLAATJE LITERARY AWARD".

Die Buro van Taal en Kultuur is ook in 1979 gestig in Bophuthatswana. Die doel met hierdie buro is om die ouer, ongeletterde en geletterde geslag aan te moedig om die taal te leer lees en skryf, terwyl die jeug geleer word om dit suiwer te praat en dit te respekteer.

3.2.2 Al die respondente het Setswana gepraat, 7,8% het Suid-Sotho gepraat, 8,5% het Xhosa gepraat, 75% het Afrikaans gepraat, 72% het Engels gepraat en 5,1% het van die Nguni-tale gepraat.

3.2.3 Die respondente het tot een van die volgende kerkgenootskappe behoort:

Methodist Church of South Africa. Die onderhoud met die respondente het outhul dat hierdie kerk oor die algemeen Setswana, Xhosa en Suid-Sotho in hulle gebede, preke en gesange gebruik. Hulle gesangboek "Buka ya Merapelo Ditirelo le Difela tsa Kereke ya Methodiste" bevat himnes uit Setswana, Suid-Sotho en Xhosa.

Wanneer daar gesiene andertaliges teenwoordig is vir 'n kerkdiens, word meestal in Engels vertaal.

St Joseph Anglican Church. Hierdie kerk gebruik Setswana en Engels in hulle gebede, preke en gesange.

Roman Catholic Church preek meestal in Engels, maar hulle gebede en gesange is in Setswana geskryf.

Molopo Christian Church. Die gesange word in Setswana gesing maar die preke en gebede word in Engels gedoen, omdat die gemeente omtrent 50% wit en 50% swart is. Al die bogenoemde gegewens is by die respondente wat by die C. N. Lekalake skool ondervra is vasgestel.

African Methodist Episcopal. Alles word in Setswana gedoen, behalwe wanneer daar anderstaliges is wat die diens bywoon; dan word dit in Engels vertaal.

Seventh Day Adventist. Al die gebede en gesange word in Setswana gedoen. Die res van die ander klein gemeentes soos byvoorbeeld ZCC en Apostolic Church hou hulle dienste in Setswana.

3.2.4 Die Skooltaal

Die onderrigsmiddele by die skole in die Molopodistrik is Engels. Die leerlinge maak slegs kontak met Afrikaans wanneer hulle dit as skoolvak beoefen. 80% van die respondente beweer dat hulle Afrikaans klassikaal verwerf het; buite die klaskamersituasie maak hulle weinig kontak met Afrikaans.

3.3 MEDIA

Die radio, televisie, koerante, tydskrifte, boeke, bioskoop is media wat tweetaligheid en/of meertaligheid aanhelp.

3.3.1 Die radio

Die radio is een van die media wat die grootste invloed op die Motswana uitoefen. Volgens die "Report to the broadcast advisory meeting" behoort 66% van uitsaaityd aan Setswanaprogramme, 33% aan Engelse programme en 1% aan Afrikaanse programme. Radio Bophuthatswana saai 50% van die tyd in Engels uit en 50% van die tyd in Setswana weens ander omstandighede wat buite hulle beheer is, soos byvoorbeeld 'n tekort aan Setswanaprogramme.

Daar is geen Afrikaanse programme op Radio Bophuthatswana nie. Radio Setswana saai 100% in Setswana uit, dus is daar ook nie 'n enkele program wat in Afrikaans of Engels uitgesaai word nie.

60% van die respondente gee voorkeur aan Setswanaprogramme en 40% aan Engelse programme.

3.3.2 Televisie

Die ondersoek het vasgestel dat net soos by die radio is 50% van die televisieprogramme in Engels en 50% van die programme in Setswana. Die luisteraars gee voorkeur aan Setswanaprogramme. Die nuus word ook op 'n 50 - 50 basis aangekondig.

3.3.3 Koerante

Die koerante wat in hierdie distrik gelees word, word meestal in Engels gedruk, naamlik:

'The Mail', 'Sunday Times', 'The Star', 'The Citizen'. Afrikaanse koerante soos 'Rapport' en 'Beeld' het 'n geringe leserkring, want baie min van die respondente het van hierdie koerante geweet.

3.3.4 Tydskrifte

'n Paar tydskrifte is baie gewild onder die ouderdom 12 - 18 jaar. Hulle lees Afrikaanse tydskrifte soos: 'Keur', 'Kyk', 'Suster Teresa', 'Die Huisgenoot', en 'Rooi Rose'. Hulle lees ook Engelse tydskrifte soos 'Upbeat', 'Africa Today', 'True Love', 'Soccer Mirror', en 'Drum'. Mens kan beweer dat die lees van hierdie tydskrifte leesvaardigheid in Engels en Afrikaans bevorder.

3.3.5 Boeke

Daar is nie 'n skoolbiblioteek by die respondente se skool nie. Die respondente moet dus na die openbare biblioteek gaan om lees- of naslaanwerk te doen. Die meeste van hulle woon ver en kry bitter min kans om selfs na die openbare biblioteek te gaan. Omdat die meeste van die respondente van ongeletterde gesinne afkomstig is, is daar bitter min boeke beskikbaar by die huis. Baie min van hulle lees boeke wat in Afrikaans of Engels geskryf is op eie inisiatief. Die Afrikaanse boeke wat gelees word, is die voorgeskrewe boeke op skool. Hier is die leerling verplig om die boeke aan te skaf en te lees, meestal vir eksamendoeleindes.

3.4 FAKTORE WAT TAALGEBRUIK KAN BEINVLOED

Met die fokus op die leerder en op kommunikatiewe vaardigheid, kan daar 'n hele reeks faktore geïdentifiseer word wat 'n rol speel by die aanleer van 'n taal: sosiale, affektiewe, persoonlikheids- en persoonlike faktore. Die invloed van hierdie faktore kan nie oorskat word nie as in ag geneem word dat die ongelykheid tussen eerste- en tweedetaalaanleer toegeskryf word aan "Social and psychological factors which function independently of actual language ability." (Neufeld 1979: 231).

Die respondente se opstelle toon verskillende registers. Die kontak wat die Setswanaprekendes maak met Afrikaans en Engels, verskil ten opsigte van frekwensie en motiveringsfaktore.

3.4.1 Frekwensie

Omtrent 98% van al die respondente het Afrikaans gepraat; die 2% wat nie Afrikaans gepraat het nie, kom van Botswana af waar daar geen Afrikaans gebruik word nie. Die taalgebruik wissel ten opsigte van die verskillende vlakke of standers waarin die leerlinge is. Die leerlinge se Afrikaans in die standerd 7- klas was beter as dié wat in standerd 5 was.

Dit kan gevolglik veronderstel word dat 'n persoon wat oor 'n lang periode aan Afrikaans blootgestel word, dit beter sal beheers as dié persoon wat slegs vir 'n kort tyd aan Afrikaans blootgestel is. Dit moet egter ook genoem word dat die omgewing van blootstelling ook baie gunstig moet wees vir die aanleer van Afrikaans, soos byvoorbeeld 'n goeie Afrikaansonderwyser, 'n gunstige klaskamersituasie, genoeg leesboeke, ensovoorts.

Nkatini (1978: 64) sê: "In watter mate Afrikaans op skool gebruik word, hang af van die getal Afrikaansperiodes beskikbaar en hoe positief die skoolhoof is ten opsigte van die gebruik van Afrikaans gedurende pouses."

Afrikaans word net as skoolvak onderrig. Dit het daarom binne skoolverband 'n agterstand teenoor Engels wat gebruik word as beide vak en medium van onderrig. Selfs Setswana het 'n agterstand teenoor Engels, omdat dit ook net as vak aangebied word.

3.4.2 Motiveringsfaktore

Integratiewe² en instrumentele³ ingesteldheid

Sinclair (1981: 115) beweer: "Navorsing het getoon dat indien die leerder hom graag vereenselwig met die teikentaalgemeenskap, dit wil sê 'n intergratiewe houding het, dit lei tot groter motivering en tot 'n hoër vlak van taalbeheersing as wanneer die taal net instrumentele waarde het, met ander woorde dit slegs aangeleer word vir praktykgerigte redes soos werksaangeleenthede." Die verskil tussen integratiewe en instrumentele ingestelheid word soos volg deur Krashen (1981: 22) saamgevat:

"For the integratively motivated learner, interaction for its own sake will be valued. For the instrumentally motivated performer, interaction always has some practical purpose."

Verder sê Krashen (1981: 22) oor die vlak van taalbeheersing:

"We might say that the instrumental acquirer or learner 'fossilizes' or ceases progress when he perceives that communicative needs are met. The integrative acquirer/learner fossilizes when he perceives that his social needs are met."

Volgens Steyn (1980: 441) het die R G N 'n gevolgtrekking gemaak dat Swartmense Afrikaans slegs sien as instrument om onmiddellike doelwitte te verwesenlik en dat hul siening van die Afrikaanssprekende nie gunstig is nie. Hier kan verwys word na 'n instansie gedurende dieselfde ondersoek; toe 'n leerling in Soweto deur prof. H. Kroes gevra word waarom hy Afrikaans leer, was sy antwoord: "Because it is compulsory!" (Steyn 1980: 329). Ander bewys is dat die Namas byvoorbeeld Afrikaans aangeleer het gedurende die negentiende eeu, "nie omdat hulle gek na die Afrikaners was nie, maar omdat hulle Afrikaans as 'n belangrike handelstaal beskou het." (Ibid). Alhoewel bevind is dat:

"..... instrumentele gerigtheid selfs tot groter motivering kan lei op korttermyn, afhangende van die doelwitte, is die feit dat Suid-Afrika twee offisiële tale het en Engels die taal van die handel is, nie in die guns van Afrikaans nie, ook nie wanneer dit kom by die motivering van studente waarom hulle Afrikaans moet leer nie." (Sinclair 1981: 116).

Ondanks die feit dat die isolering en presiese meting van die verskillende gesteldhede by die leerder problematies bly, moet mens voorlopig Krashen (1981: 40) gelyk gee wanneer hy sê:

"..... if the direct relationship between acquisition and attitudinal factors does exist, and if the major goal in language teaching is the development of communicative abilities, we must conclude that attitudinal factors and motivational factors are more important than aptitude. This is because conscious learning makes only a small contribution to communicative ability."

Volgens Kroes is daar baie faktore wat die gebruik van Afrikaans in die Swartgemeenskap gunstig kan beïnvloed as hy sê:

"Ek glo dat Afrikaans veral as die taal vir die werksituasie groot praktiese waarde het, mits die swartman in staat gestel word om aan aanvaarbare Afrikaans blootgestel te word, beide in sy skool en daarbuite. Ook is dit van uiterste belang dat die Afrikaner wat langs hom werk en Afrikaans gebruik, dit so doen dat hy agting en toegeneentheid van sy swart kollega afdwing." (Steyn 1980: 329).

Die respondente by die C.N. Lekalake Skool se reaksie op die vraag: "Waarom wil u Afrikaans leer?" was dat hulle Afrikaans wou aanleer sodat hulle beter werkgeleenthede kon kry.

3.4.3 Politieke Faktore

Die gebruik van sommige tale word in stand gehou deur die druk van politieke omstandighede van daardie land. In Suid-Afrika word Afrikaans geassosieer met die Afrikaner. Die Afrikaner is polities die sterkste in die land. Hy word dus deur die Swartman, veral die jong Swartmense, beskou as die onderdrukker.

"Deur sy wetgewing in die Parlement neem hy die besluit vir die swartman. Daarom koester swartmense agterdog wanneer die Departement van Bantoeonderwys swart skole dwing om die helfte van hulle vakke in Afrikaans te doseer." (Steyn 1980: 295).

As gevolg van hierdie gevoel van agterdog word Afrikaans geïdentifiseer met die onderdrukker. Daar het verder nog baie belangrike faktore bygekom: die vereenselwiging van Afrikaans met apartheid, en veral al die negatiewe aspekte van apartheid. Die ondersoek het dit onthul dat alhoewel daar nie apartheid in Bophuthatswana is nie, het hierdie gevoel nog nie heeltemal verdwyn nie. Dit is eintlik een van die redes waarom die Motswana hom nie met Afrikaans wil identifiseer nie.

"Dat politieke faktore kan help om mense van 'n taal weg te stoot, ook al is dit hul eie taal, is nie vreemd nie."
(Steyn 1980: 279).

Hier word verwys na 'n voorbeeld wat onlangs in die Verenigde State van Amerika voorgekom het.

"Die Duitsers wat na die Verenigde State van Amerika geïmmigreer het, was handhawingsbewus en het pogings aangewend om skole en Duitse blaaie te stig om Duits te behou. Maar die politieke vlugtelingen uit Nazi-Duitsland in die jare dertig het niks gedoen nie, ook al was daar onder hulle hoogs gekultiveerde mense, skrywers en geleerdes." (Ibid).

Hy beweer ook dat die vlugtelingen baie meer kon bygedra het tot die Nazi-Duitstaal, maar omdat hul eie land nie vir hulle omgee het nie, het hulle gevoel dat hulle liever Amerikaans wil word. Wat party van die nadelige gevolge van apartheid tot niet kon maak, was die feit dat Afrikaans sedert die jare vyftig al meer die taal geword het waarin sowel wit as swart Afrikaanssprekendes teen onreg skryf.

Die Afrikaanssituasie in die Molopodistrik (Bophuthatswana) waarin die respondente hulleself bevind, beïnvloed hulle aanleer van Afrikaans en dit veroorsaak versteuring op alle vlakke van taalgebruik soos dit in hoofstuk 4 aangedui sal word.

Die respondente se gesindheid teenoor Afrikaans was baie positief. Die foute wat begaan is, is nie die gevolg van 'n negatiewe houding nie, maar van die negatiewe omstandighede waarmee Afrikaans geassosieer word.

VOETNOTE

1. REGISTER

Dit verwys na die taalgebruik wat spesifiek gebruik word in 'n besondere situasie. So is daar 'n register wat pas by 'n vergadering, in die klaskamersituasie, in die hospitaal, in 'n winkel. 'n Bepaalde beroep en 'n bepaalde register word ook met mekaar geassosieer. In taalgebruikssituasies veronderstel 'n besondere register 'n bepaalde styl. Register betrek veral die woordeskat, en styl en register val soms ook saam. Register verskil ook tussen spreek- en skryftaal. Die skryftaal is veel meer formeel as die spreektaal.

2. INTEGRATIEWE INGESTELDHEID

Dit dui op die aanleerder se strewe na assosiasie met die doeltaalgroep en soms volkome assimilasie. Stevick, soos aangehaal deur Krashen (1981: 22) definieer dit soos volg: "..... as the desire to be like valued members of the community that speak the second language, is predicted to relate to proficiency in terms of the two functions. The presence of integrative motivation should encourage the acquirer to interact with speakers of the second language out of sheer interest, and thereby obtain intake."

3. INSTRUMENTELE INGESTELHEID

Dit karakteriseer daardie aanleerder wat die taal aanleer ter wille van werkgeleenthede "..... as the desire to achieve proficiency in a language for utilitarian, or practical reasons, may also relate to proficiency. Its presence will encourage performers to interact with L2 speakers in order to achieve certain ends." (Ibid).

HOOFSTUK 4

4.1 BESKRYWINGSRAAMWERK

Die beskrywing van foute is hoofsaaklik 'n vergelykende proses met as data die oorspronklike foutiewe uiting en die gerekonstrueerde uiting. Slegs daardie beskrywing wat aandui in watter mate die doeltaal (enige ander taal wat naas die moedertaal aangeleer word) se realisasiereëls verskil van dié van die leerder se "dialek" is van waarde. Hier is voldoende data 'n voorvereiste.

Foute moet gereeld gemaak word ten einde foute weens gebrek aan kennis¹ te onderskei van vergissings.² Dusková skryf in hierdie verband dat:

"S.P. Corder (1967) proposes a working hypothesis that a learner's errors provide evidence of the target language system he is using at a particular point in the language learning process, i.e., they reflect his transitional competence. He makes, however, a careful distinction between mistakes, which are defined as adventitious, random errors in performance due to memory lapses, physical starts, etc. of which the speaker is immediately aware and systematic errors, which reflect a defect in knowledge i.e. in linguistic competence." (Dusková 1983: 215).

Mens moet dus bepaal of daar 'n reël is volgens 'n bepaalde patroon as 'n sekere fout begaan word. Hiervolgens gaan gepoog word om die reëls wat 'n leerling volg (met dieselfde moedertaal, ouderdom, dieselfde kennis van die doeltaal) as hy op pad is na taalbemeestering, te beskryf. .

4.1.1 Die Versteuring In 'n Tweede Taal

"By die aanleer van 'n sekondêre taal is die norme van die primêre taal se sisteem reeds so by die spreker ingeskerp, dat hy, sonder dat hy dit kan verhelp, die sekondêre taal, wat uiteraard ander sisteemnorme het, dáárna rig." (Van der Merwe en De Klerk 1969: 179).

Die toepassing van sisteemnorme van 'n primêre taal op 'n sekondêre taal kan versteuring van laasgenoemde deur eersgenoemde genoem word.

"Die opvallende onvolmaakthede in die Afrikaans van die Bantoes kan dus toegeskrywe word aan versteurings van die Afrikaanse taalsisteem deur die sisteme van Bantoetale. Anders gestel: ons het te doen met Bantoetaal versteurde sekondêre Afrikaans." (Van Wyk 1966: 29).

Hier moet ook bygevoeg word dat mense wat dieselfde primêre taal praat nie dieselfde foute maak by die gebruik van 'n gegewe sekondêre taal nie. Die frekwensie van versteuring in iemand se gebruik van 'n sekondêre taal hang vanselfsprekend af van sy beheer oor die grammatiese sisteem van die taal. 'n Persoon se beheer oor 'n sekondêre taal en dus die frekwensie van versteurings in sy gebruik daarvan, hang af van verskeie ekstra-linguistiese faktore soos byvoorbeeld sy aangebore aanleg, sy ervaring in die gebruik van die sekondêre taal, die manier waarop hy die sekondêre taal aangeleer het, die gespreksituasie waarin hy dit gewoonlik gebruik, ensovoorts.

"Obviously, no single mechanism can be the source of all speech errors made by second language learners. A number of causes have been recognized: interference from native language, the application of general learning strategies similar to those manifested in first language acquisition, such as overgeneralization of linguistic rules (Richards 1971, 1975), the context of learning situations (cf. Selinker's [1972] 'transfer of training errors'), and emotional factors connected with the pressure of communicating, e.g., the 'strategies of communication' suggested by Selinker." (Cowan 1983: 109).

In die meeste gevalle werk die manier waarop Afrikaans deur die Swartmense aangeleer is, 'n goeie beheer oor Afrikaans teë. Die meeste van hulle leer Afrikaans sonder onderrig aan, en dié wat wel onderrig kry, se onderwyser het 'n baie geringe beheer oor die taal. Hierdie sienswyse word ondersteun deur wat Sinclair (1981: 112) skryf as hy sê:

"Die feit dat in die swart skole Afrikaans deur onderwysers onderrig word wat self nie die taal beheers nie, is dus 'n ernstige belemmering van die taalaanleerproses. Dié toedrag van sake gee in der waarheid aanleiding tot 'n bose kringloop van sake: Die onderwyser dra sy 'approximative linguistic system' op die kind oor. Die hele gedagte van 'controlled learning environment' verval dus grootliks, kan selfs kontraproduktief wees. En wat van die gedragsnorme?"

Hier kan (Steyn 1980: 441) se mening ook bygevoeg word as hy skryf:

"Uit navorsing deur die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans aan die R A U blyk dit dat die meeste van die meer as 80 000 onderwysers wat gemoeid is met die onderrig van Afrikaans in swart skole, net 'n standaard 8-sertifikaat met onderwysdiploma of nog minder het. Hul vaardigheid in Afrikaans laat veel te wense oor. Die navorsers van die eenheid het soms bandopnames van Afrikaanse lesse in swart skole gemaak wat byna onverstaanbaar was. Leerlinge word nie net aan swak taalgebruik deur onderwysers blootgestel nie, maar ook aan Tsotsi-Afrikaans en die geradbraakte Afrikaans wat sommige Afrikaanssprekendes met swartes praat. Die gevolg is dat swart kinders soms 'n Afrikaans aanleer wat vir hulle van geen praktiese nut is nie."

Hier moet ook in ag geneem word dat party van die leerlinge ook 'n ander sekondêre taal aangeleer het, soms 'n derde en vierde sekondêre taal. Hierdie meertalige leerlinge dra die taalpatrone van die verskillende sekondêre tale net so oor en dit veroorsaak 'n meer heterogene fouteregister, wat identifisering uiteraard bemoeilik. Hieronder sal slegs op identifiseerbare patrone gekonsentreer word.

4.2 BESKRYWING VAN FOUTE (De Vleeschauwer, J.N.A. 1978: Honneurs aantekeninge.)

Die foute word in die eerste instansie beskryf volgens die vlak waarop fouteer is, te wete:

- (i) Sintaktiese versteuringsvlak:
 - (a) Modus.
 - (b) Tydsaanduiding.
- (ii) Leksikalies- semantiese versteuringsvlak.
- (iii) Morfologiese versteuringsvlak.
- (iv) Fonologiese versteuringsvlak.

Op elke vlak sal die volgende gegewens verskyn:

- (i) Foutiewe konstruksie in Afrikaans (sulke konstruksies sal met 'n * aangedui word).
- (ii) Moedertaal (korrekte/aanvaarbare).
- (iii) Komponentanalise van (ii).
- (iv) Letterlike vertaling van (iii) in Setswana.

- (v) Letterlike vertaling in Setswana van (i).
- (vi) Komponentanalise van (v).
- (vii) Letterlike vertaling in Afrikaans van (v).
- (viii) Korrekte Afrikaanse sin.
- (ix) Tabulering van elke vlak en aanduiding van die frekwensie en aard van die betrokke fout.

Die sintaktiese patroonversteuringsvlak kom eerste aan die beurt.

4.3 SINTAKTIESE PATROONVERSTEURINGSVLAK

4.3.1 Woordorde

Woordordeversteurings is die gevolg van die letterlike vertaling van die moedertaalsin in Afrikaans. Die woordorde van moedertaalsinne word onbewustelik op die doeltaal oorgedra. Versteurings is in die volgende sinstipes gevind: stel- en vraagsin.

4.3.1.1 Die stelsin

Net soos in Afrikaans is die stelsin in Setswana 'n soort sin waarin 'n stelling of 'n mededeling gemaak word, met ander woorde waarin iets ('n feit, 'n gevoel, 'n waarneming ensovoorts) regstreeks gestel word. Die volgende voorbeelde illustreer dit, alhoewel die woordorde verkeerd is:

- (i) * Daarna ons het skool toe gegaan het.
- (ii) Morago ga foo (rona) re ne ra ya sekolong.
- (iii) Tydbep. part. + skakelwrd. + aanw. wrd + owps. + hulpw. (verledetyd) + owps. + w. + bw (plek).
- (iv) Daarna (dit) ons het gegaan skool toe.
- (v) Morago ga foo re ne ra ya sekolong.
- (vi) Tydbep. part. + skakelwrd. + aanw. wrd + owps. + hulpw. (verledetyd) + owps. + w + bw. (plek).
- (vii) Daarna (dit) ons gegaan skool toe.
- (viii) Daarna het ons skool toe gegaan.
- (ix) 72 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die eerste helfte van die sin, naamlik * Daarna ons het is letterlik vertaal, daarom ontstaan daar 'n versteuring in die woordorde. Die leerling het die owps. naamlik re vertaal as die voornaamwoord ons in Afrikaans. Daar bestaan nie so iets soos 'n onderwerpskakel in Afrikaans nie. Die Motswana-leerling is nie daarvan bewus nie, dus kan dit toegeskryf word aan 'n gebrek aan doeltaalkennis. Die leerling het die Setswana-owps. met die Afrikaanse voornaamwoord verwar. In Setswana kan die owps. saam met die voornaamwoord of daarsonder gebruik word. (Vergelyk 4.3.1.2 hieronder).

Verder weet die leerling dat het na die verlede tyd verwys in Afrikaans, daarom vertaal hy re verkeerdelik as het. Die het aan die einde van die sin verteenwoordig ra wat die verhalende wyse van die owps. is, dit wil sê verlede tyd. Soortgelyke voorbeelde is die volgende:

1. * Hulle het nie dit gedoen nie.
2. * Alhoewel baie werk daar was, kan ek dit doen.
3. * Ek onthou toe was ek nog 'n klein seun.
4. * Ek nie baie het gehou van hierdie soort lewe.
5. * Toe ek het die primêre skool verlaat.
6. * Hulle het ons beveel dat ons moenie slaap nie
want ons het genoeg by die huis geslaap het.
7. * Ek baie bly want hond is baie kwaai.

4.3.1.1.1 Die Onderwerpskakel

Die onderwerpskakel (owps) in Setswana is 'n morfeem wat 'n sintaktiese verband stig tussen die naamwoordstuk (NS) en die werkwoordstuk (WS):

"..... Di dirisiwa go ruanya leina kgotsa leemedi e le sediri sa polelo le karolo nngwe le nngwe ya puo e e dirisiwang jaaka letiro." (Setshedi 1980: 22).

Hierdie tipe morfeem bestaan nie in Afrikaans nie. Daar bestaan 'n algemene neiging by die Motswana om die onderwerpskakel verkeerdelik gelyk te stel aan die Afrikaanse voornaamwoord. Vergelyk byvoorbeeld die volgende voorbeeldsin wat uit die leerlinge se opstelle gevind is:

- (i) * Meneer Matshidiso, hy is baie goed in Geskiedenis.
- (ii) Rre Matshidiso o kgona thata Thutaditiragalo.
- (iii) naamwoord + (eie) naam + owps. + w + grdwr + naamwoord.
- (iv) Meneer Matshidiso hy is goed baie in Geskiedenis.
- (v) Rre Matshidiso o kgona thata Thutaditiragalo.
- (vi) naamwoord + (eie) naam + owps. + w + grdwr + naamwoord.
- (vii) Meneer Matshidiso is goed baie in Geskiedenis.
- (viii) Meneer Matshidiso is baie goed in Geskiedenis.
- (ix) Frekwensie: 44 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die vertaling van die onderwerpskakel as die voornaamwoord hy is toe te skryf aan die feit dat dit na die voornaamwoord in Afrikaans verwys; vergelyk byvoorbeeld:

*Meneer Matshidiso hy is baie goed.....

Rre Matshidiso o kgona

In Setswana kan 'n sin gevorm word sonder die onderwerp, dit wil sê uit die gesegde alleen, terwyl dit onmoontlik is in Afrikaans. In Afrikaans moet die naamwoordelike gedeelte altyd teenwoordig wees. Die volgende sin illustreer hierdie probleem:

Meneer Matshidiso is goed in Geskiedenis.

Hierdie konstruksie bestaan uit die naamwoordelike en die werkwoordelike gedeelte. Die Setswana-konstruksie lyk so:

Rre Matshidiso o kgona Thutaditiragalo.

Hierdie sin bestaan uit die naamwoordelike en die werkwoordelike gedeelte.

In Setswana is die volgende konstruksie moontlik:

O kgona Thutaditiragalo.

Hierdie sin bestaan uit die werkwoordelike gedeelte alleen. In Afrikaans is die konstruksie nie moontlik nie:

* is goed in Geskiedenis. Die leerling stel hy (Afrikaanse voornaamwoord) gelyk aan O (Setswana onderwerpskakel) daarom die taalversteuring.

4.3.1.1.2 Voornaamwoordelike verwysing

In Afrikaans word daar 'n duidelike onderskeid tussen die vroulike en manlike voornaamwoorde, derde persoon aangetref, terwyl daar geen onderskeid tussen vroulike en manlike voornaamwoorde in Setswana gevind word nie. Hierdie verskil tussen die Afrikaanse en Setswana-voornaamwoorde veroorsaak probleme by die Motswanaleerling wanneer hy die Afrikaanse voornaamwoorde leer. Die Motswanaleerling het die moedertaalpatroon aangeleer, naamlik dat daar geen onderskeid tussen vroulike en manlike voornaamwoorde, derde persoon te vinde is nie. Hierdie patroon word net so oorgedra, daarom maak hy geen onderskeid tussen vroulike en manlike voornaamwoorde nie. Hierdie verskil word by al die verskillende voornaamwoorde aangetref, naamlik die persoonlike, besitlike, aanwysende en die vraende voornaamwoorde.

4.3.1.1.2.1 Die persoonlike voornaamwoorde

In Afrikaans word die volgende persoonlike voornaamwoorde aangetref:

Enkelvoud: ek, jy, sy/hy.

Meervoud: ons, julle, hulle.

Die Setswana-ekwivalente vir hierdie voornaamwoorde is:

Enkelvoud: nna, wena, ena.

Meervoud: rona, lona, bona.

Die volgende foutiewe sinne illustreer hierdie probleem:

1. * Mevrou Monkgati, hy is baie goed.
2. * Hy is 'n stout meisie.
3. * My moeder ek is lief vir hom.
4. * Stephen, my pa se broer sy is baie kwaai.
5. * My ma hy kan lekker kos kook.

Opmerking: Setswana onderskei nie tussen manlik en vroulik derde persoon nie.

4.3.1.1.2.2 Die besitlike voornaamwoorde

Net soos in Setswana tree die Afrikaanse besitlike voornaamwoorde op as bepaler voor die selfstandige naamwoorde en dui besit aan. Die volgende besitlike voornaamwoorde word in Afrikaans aangetref:

Enkelvoud: myne, joune, syne/hare.

Meervoud: ons s'n, julle s'n, hulle s'n.

Die Setswana-ekwivalente is:

Enkelvoud: ya me, ya gago, ya gagwe.

Meervoud: tsa rona, tsa lona, tsa bona.

Die volgende voorbeelde illustreer dat die besitlike voornaamwoorde in Setswana geen geslag onderskei by die derde persoon enkelvoud nie:

Afrikaans:

1. * Dit is sy pen (Maria) in plaas van
Dit is haar pen.
2. * Dit is hom onderwyser in Afrikaans (Syndi) in plaas van
Dit is haar onderwyser

3. * Die beeste is hare (die ouman) in plaas van
Die beeste is syne.
4. * Die kantoor is hare (die onderwyser) in plaas van
Die kantoor is syne.
5. * Die onderwyseres is hare in plaas van
Dit is sy onderwyseres.

4.3.1.1.2.3 Die aanwysende voornaamwoorde

In Afrikaans word die volgende aanwysende voornaamwoorde aangetref: hierdie, daardie en dié. In Setswana is daar vier aanwysende posisies vir elke voornaamwoord, met ander woorde elke aanwysende woord kan in vier posisies staan. In Setswana word die volgende aanwysende voornaamwoorde aangetref:

eerste	tweede	derde	vierde	posisie
<u>yono</u>	<u>yo</u>	<u>yoo</u>	<u>yole</u>	

Hierdie aanwysende voornaamwoorde verander in Setswana volgens die klasprefikse. Die posisie van die aanwysende voornaamwoorde varieer in Setswana terwyl dit in Afrikaans altyd voor die substantief voorkom.

Foutiewe Afrikaanse sinne kom voor as gevolg daarvan.

(i) Wanneer die aanwysende voornaamwoord aan die begin van die sin voorkom, val die klem daarop en die onderwerpskakel of die selfstandige naamwoord moet onmiddellik daarop volg:

Daardie beeste is vet.

Tsele dikgomo di nonne.

Hierdie posisie skep nie probleme by die Motswanaleerling nie, omdat die konstruksie toevallig op dieselfde manier struktureer in Setswana.

(ii) Waar die aanwysende voornaamwoord na die selfstandige naamwoord voorkom, skep dit 'n probleem omdat hierdie konstruksie foutief is in Afrikaans.

* Die beeste daardie is vet; in Setswana is dit:

Dikgomo tsele di nonne.

* Kinders hierdie lag my.

Bana bano ba a ntshega.

* Hond dié hy byt.

Ntšwa eno e a loma.

* Kind hierdie hy steel my kos.

Ngwana yo o utswa dijo tsa me.

(iii) Waar die aanwysende woord aan die einde van die sin voorkom, lê die klem aan die einde van die sin. Hierdie konstruksie is foutief in Afrikaans, terwyl dit korrek is in Setswana. Vergelyk byvoorbeeld die volgende sinne:

* Ek roep kinders daardie.

Ke bitsa bana bale.

* Hy gee onderwys die skool daardie.

O ruta kwa sekolong sele.

* My oom ploeg die lande daar.

Malome o lema tshimo ele.

4.3.1.1.2.4 Die vraende voornaamwoorde

Die vraende voornaamwoorde wat ook bekend staan as die vraagwoorde word onder die vraagsin behandel.

4.3.1.2 DIE VRAAGSIN

Setswana, net soos Afrikaans, onderskei twee tipes vraagsinne, naamlik die algemene vraagsin en die spesifieke vraagsin.

4.3.1.2.1 Die algemene vraagsin

In 'n algemene vraag "word gevra na die hele stand van sake waarop die vraagsin betrekking het; dus kan 'n algemene vraag beantwoord word deur 'n betuiging van instemming (ja) of verskil (nee) wat betrekking het op die hele stand van sake wat in die vraag vergestalt is." (Ponelis 1979: 378).

Vergelyk die volgende voorbeelde wat uit leerlinge se opstelle gevind is:

* Ek moet die vraag stel?

A ke botse potso?

- (i) * Ek moet die vraag stel?
- (ii) A ke botse potso?
- (iii) Inversiepartikel + owps. + w. + naamwoord.
- (iv) Moet ek stel die vraag?
- (v) (Nna) a ke botse potso?
- (vi) V. nw. + inversiepartikel + owps. + w. + naamwoord.
- (vii) (Ek) moet ek die vraag stel?
- (viii) Moet ek die vraag stel?
- (ix) Frekwensie: 33 gevalle uit 117 is aangeteken.

Opmerking

Hierdie vraagsin is aanvaarbaar in Afrikaans as die klem op verbasing val. In Setswana is dit 'n vraagsin of dit verbasing is of nie. Hierdie verbasingsvraagsin stem toevallig ooreen met die Setswana algemene vraagsin.

Hier volg nog 'n paar voorbeelde wat aangeteken is:

- * Ek moet die briewe pos?
- * Die ander sal die papiere na jou bring?
- * Die prinsipaal van die skool is meneer Monaisa?
- * Daardie skool het 'n nuwe onderwysers?
- * My broer sal bring die beeste?
- * Willem het saam met die man gestap?

4.3.1.2.2 Die spesifieke vraagsin

"Die aard van die inligting waarna in spesifieke vraagsinne gevra word, word uitgelig deur vraagwoorde", naamlik wie, wat, waar, (Ponelis 1979: 380). Daar word 'n spesifieke antwoord verwag. In Setswana word die volgende vraagwoorde aangetref, naamlik:

mang, eng, kae, ensovoorts.

Die versteuring kan toegeskryf word aan die feit dat die Afrikaanse sin altyd met die vraagwoord begin, terwyl die vraagwoord in Setswana altyd aan die einde van die sin kom. (Setshedi 1980: 65 - 66). Die volgende voorbeelde illustreer hierdie feit.

- * Jy vra hoeveel? in plaas van,
Hoeveel vra jy?
O batla bokae?
- * Hy roep wie? in plaas van,
Wie roep hy?
O bitsa mang?
- * Sy soek wat? in plaas van,
Wat soek sy?
O batla eng?
- * Hy gaan waar? in plaas van,
Waar gaan hy?
O ya kae?
- * Dit is wie? in plaas van,
Wie is dit?
Ke mang?

Daar is vraagwoorde in Setswana wat die geslag van mense en diere vra; hulle kom in die enkel- en meervoud voor. Afrikaans het nie ekwivalente vir hierdie vraagwoorde nie. Die volgende vraagwoorde word na verwys:

Mong - Ke mong? watter geslag is die kind?

Bang - Ke bang? watter geslag is dit? (van meer as een).

Hierdie vraagwoord word spesifiek by mense gebruik. Die volgende voorbeelde is vir diere:

E jabang? watter geslag is die kalf?

Di jabang? watter geslag is die kalwers?

4.3.2 Voegwoorde

In Afrikaans word 'n sin wat uit 'n onafhanklike- en 'n afhanklike deel bestaan deur 'n voegwoord verbind. Party van hierdie voegwoorde veroorsaak 'n verandering in die woordorde van onafhanklike- en afhanklike dele van die sin, dit wil sê 'n verskuiwing van die medewerkwoorde en die bepalings in beide onafhanklike- en afhanklike sinne. In Setswana vind hierdie verskuiwing nie plaas nie, omdat die Setswanavoegwoorde geen invloed uitoefen op die afhanklike sinne nie.

Die respondente het die volgende voegwoorde herhaaldelik verkeerd gebruik:

Omdat (gonne), as (fa), alhoewel (le fa), of (kgotsa), sodat (gore), tog (le fa go ntse jalo), daarom (ka jalo).

Voorbeelde van sinne waarin omdat (gonne) gebruik is:

- (i) * Seun kan nie baklei omdat hy is bang.
- (ii) Mosimane ga a kgone go lwa (ka) gone o a tshaba.
- (iii) S. nw. + ont. part. + owps. + w + infinitiefspart. + w (Byw. bep.) + vgwrđ. + owps + w + (byw. bep.) + w.
- (iv) Seun kan nie baklei omdat hy is bang.
- (v) Mosimane ga a kgone go lwa (ka) gone o a tshaba.
- (vi) s. nw. + ont. part. + w + w + vgwrđ + owps + w (Byw. bep.) + w.
- (vii) Seun nie kan baklei omdat hy is bang.
- (viii) Die seun kan nie baklei nie, omdat hy bang is.
- (ix) 56 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Wanneer die neweskikkende voegwoorde in Afrikaans gebruik word, verander die woordorde nie in die sin nie, maar wanneer die onderskikkende en die voegwoordelike bywoorde gebruik word, dan verander die woordorde in die sin. In Setswana is dit so dat daar geen verandering in die woordorde plaasvind wanneer die voegwoorde gebruik word nie. Dit is die rede waarom die Motswanaleerling dit moeilik vind om die Afrikaanse voegwoorde korrek te gebruik. Hierdie verandering in woordorde veroorsaak 'n verwarring by die leerling en gevolglik veroorsaak dit patroonversteuring wanneer hy die Afrikaanse voegwoorde gebruik. Die Setswanavoegwoorde stem toevallig ooreen met die Afrikaanse neweskikkende voegwoorde.

Dit is die rede waarom die Motswanaleerling minder foute begaan wanneer hy dié voegwoorde in Afrikaans gebruik. Die grootste gebrek by die gebruik van voegwoorde lê by daardie voegwoorde wat 'n verandering in woordorde meebring. Die volgende voorbeelde waarin die voegwoord omdat gebruik is, verteenwoordig die manier waarop dit gebruik word en illustreer die versteuring in die woordorde:

1. * Hy het op die bed gelê, omdat hy was moeg. (Die versteuring wat hier plaasvind is dat die moedertaalvolgorde net so oorgedra is, en dit is onaanvaarbaar in Afrikaans. Die res van die sinne struktureer op min of meer dieselfde manier).
2. * Ek gaan die olifant skiet, omdat die konstabel het so gesê.
3. * Gister ek was nie in skool, omdat ek was siek.
4. * Die kind is baie slim, omdat sy kan baie lees.
5. * Moeder gaan nie dorp toe, omdat dit is Sondag.
6. * My pa was kwaad vir my, omdat ek nie skool toe gegaan nie.
7. * Die polisie het my gevang, omdat ek het 'n suiker gesteel.
8. * Ek is moeg, omdat ek het goed gehardloop.

Vgl. die volgende voorbeelde waarin die voegwoord as (fa) voorkom;
46 uit 117 gevalle is aangeteken.

1. * Piet, as jy kom in jy moet die deur toemaak.
2. * As jy speel met die water jou suster sal slaan jou.
3. * Ma sal koek bak as ek kom huis.
4. * Jan vra my, as ek het nie werk moet hom kuier.
5. * Die onderwyser sal haar straf, as sy verloor die boek.
6. * My moeder sal my 'n verjaarsdag maak, as ek is 21 jare oud.
7. * Piet sal doen die werk, as die spitvurk is hier.
8. * Ek sal jou belowe, as jy kan my help.
9. * Ek slaan jou, as jy terg my.
10. * My suster as jy kuier haar sal bly wees.

In die volgende konstruksies is die voegwoord alhoewel (le fa) gebruik.

1. * Ek het nie die werk gedoen nie, alhoewel sy het my gevertel.
2. * Die meisie het nie by die dorp gegaan nie, alhoewel ek haar gevergeet het.
3. * Hy het nie geskryf, alhoewel ek het hom gevertel.
4. * Alhoewel sy is baie siek, moeder wil die huis skoonmaak.

5. * Die meisie het dorp toe gegaan, alhoewel ma het nie haar toelaat gegee nie.
6. * Ek gaan daar, alhoewel het hulle nie genooi.
7. * Dit is die waarheid, alhoewel wil jy my nie glo nie.
8. * Ons wag vir die bus, alhoewel sal om elfuur aankom.
9. * Jy het dit gedoen, alhoewel jy het geweet dit is verkeerd.
10. * Elsie het nie geluister nie, alhoewel ek het haar gewaarsku.

Die volgende voorbeelde illustreer hoe die voegwoord of (kgotsa) gebruik is:

1. * Ek dink gaan ek skool, of ek gaan nie.
2. * Jy moet gou maak, of sal jy die trein nie haal nie.
3. * Sy wil weet sal hy kom, of sy gaan weg.
4. * Sal jy bly, of jy loop met my?
5. * Anna wil weet, of sy kan vat die appel.
6. * Vir Adam lyk dit of die kêrel is so sterk soos 'n bees.
7. * Wil jy 'n trui hê, of jy wil 'n warm jas aantrek?
8. * Pa het gekyk, of kan dit werk.
9. * Die onderwyseres vra die leerling, of sy het die huiswerk gedoen.
10. * Pa vra vir Piet of hy wil doen die werk.

In die volgende voorbeelde is die voegwoord sodat (gore) gebruik:

1. * Hardloop vinnig, sodat hulle kan jou nie vang.
2. * Hy ry stadig, sodat hy moet nie ongeluk kry.
3. * Ek het hom gebel, sodat ek kan met hom praat.
4. * Albert en Piet het huis toe gegaan, sodat hulle kan dip die beeste.
5. * Jy moet die perd versigtig ry, sodat jy omval nie.
6. * Andries het hard geskree, sodat ek moet hom hoor.
7. * Suster loop versigtig, sodat 'n hond moet nie hom blaf nie.
8. * Ry versigtig, sodat jy maak nie 'n ongeluk nie.
9. * Eet versigtig, sodat jy gooi nie jou klere nie.
10. * Ons sal vinnig hardloop, sodat ons sal nie laat wees.

Vergelyk ook die volgende sinne waarin tog (lefa go ntse jalo) gebruik is:

1. * Sy sê ek ken haar nie, tog ken ek haar.
2. * Ek soek my pen, tog ek kry dit nie.
3. * Hy gaan hom doodmaak, tog hy lyk nie bekommerd.
4. * Dit is baie droog, tog die diere is nog vet.
5. * Hy het nie die eksamen geslaag, tog hy het hard geleer.

6. * Pinkie sal die fiets skoon, tog dit was nie vuil.
7. * Die werk is nie swaar nie, tog ons vorder nie juis nie.
8. * Pieter leer om te keer, tog hy kan keer.
9. * Die bioskoop was nie lekker nie, tog die eerste was beter.

In die volgende sinne is die voegwoord daarom (ka jalo) gebruik:

1. * Hy het hom 'n verskoning gevra, daarom hy het hom nie geslaan nie.
2. * Sy motor het gestaak, daarom sy moet met voet loop.
3. * Piet gaan was het die skottels, daarom moes hom mes gesien het.
4. * Marie vee die kombuis, daarom moes sy was die skottel.
5. * Ek was baie vaak, daarom ek aan die slaap raak het.
6. * Sy fiets is stukkend, daarom hy kan net sit.
7. * Sy motor het gebrand, daarom hy moet doodmaak.
8. * Ons het baie gehardloop, daarom ons moet bietjie rus.

Al die bostaande voorbeelde illustreer dit duidelik dat die leerling as gevolg van 'n gebrek aan doeltaalkennis noodgedwonge terugval op die moedertaalsisteem wat alreeds deel is van hom. Die moedertaalpatroon is 'n eenvoudige een en die doeltaalpatroon is te ingewikkeld vir die leerling, gevolglik ontstaan hierdie patroonsversteuring van die sekondêre taal.

4.3.3 Bepalings

4.3.3.1 Die lidwoorde

Die lidwoorde, bepaalde en onbepaald, tree as voorbepalings by die substantief op. In Setswana is hierdie lidwoorde heeltemal onbekend. Vir die Motswana is die gebruik van lidwoorde ruut wanneer hy Afrikaans aanleer. Gevolglik bestaan daar 'n neiging om die lidwoorde in sinne uit te laat wanneer hulle Afrikaans praat. Die onderstaande sinne dui op hierdie versteuring:

- (i) * Daar is twee meisies in klaskamer.
- (ii) Go na le basetsana ba babedi mo phaposing.
- (iii) aan. wrd + w + s. nw. + b. nw + lok. bousel + lok.
- (iv) Daar is meisies twee in klaskamer.
- (v) Go na le basetsana ba babedi mo phaposing.
- (vi) aan. wrd + w + s. nw. + b. nw + lok. bousel + lok.
- (vii) Daar is meisies twee in klaskamer.
- (viii) Daar is twee meisies in die klaskamer.
- (ix) 70 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die leerling het die lidwoord die weggelaat in sy konstruksie. Die letterlike Setswanavertaling van die Afrikaanse sin (ii) illustreer duidelik dat daar geen lidwoord gebruik is nie. Vir die leerling kom daar niks kort nie, omdat die Setswana sin niks kortkom nie. Die volgende is nog voorbeelde om die bostaande feit te illustreer:

1. * My ma werk in kombuis.

Mme o dira mo ntlwaneng.

2. * In oggend ek gaan melk beeste en my tante maak 'n botter, met die melk.

Mo mosong ke gama dikgomo mme koko a dire botoro ka maswi.

3. * Meeste van ons het skool gegaan.

Bontsi jwa rona bo ne bo tsena sekolo.

4. * Ons was tweede groep wat gesing het.
Re ne re le setlhopha sa bobedi se se neng se opela.
5. * Skool begin om agtuur.
Sekolo se simolola ka ura ya borobedi.
6. * Kind wil lekker hê, ek het weggesteek.
Ngwana o batla dimonamone, ke di fitlhile.

In die volgende sinne is die lidwoord h, wat tussen hakies staan, weggelaat:

1. * My ma is (h) goeie mens.
Mme ke (-) motho yo o siameng.
2. * Ek is (h) Motswana.
Nna ke (-) Motswana.
3. * My pa het nie (h) motor nie.
Rre ga a na (-) koloi.
4. * My hond het (h) haas gevang.
Ntswa ya me e tshwere (-) mmutla.
5. * My pa is (h) baie kwaai man.
Rre ke (-) monna yo o bogale.
6. * Dit is (h) lekker dag vandag.
Ke (-) letsatsi le le monate gompijeno.
7. * Sondag is (h) goeie dag vir my.
Sontaga ke (-) letsatsi le lentle mo go nna.
8. * By (die) kantoor het (die) hoof ons (h) pak slae gegee.
Kwa (-) kantorong (-) mogokgo o ne a re betsa ka (-) moretlwa.

9. * Ek het nie (h) suster nie.
Nna ga ke na (-) mogolole.
10. * Ek is (h) soet kind.
Nna ke (-) ngwana yo o siameng.

Die onderskeiding tussen bepaalde- en onbepaalde lidwoorde maak die saak nog ingewikkelder, want die leerlinge verwar die twee lidwoorde. Kyk na die volgende voorbeelde:

(a) die in plaas van h:

1. * My oom het die koei.
My oom het h koei.
2. * Ek is die seun.
Ek is h seun.
3. * Sindy is die stoutste meisie.
Sindy is h stoutste meisie.
4. * Pa het vir my die nuwe fiets gekoop.
Pa het vir my h nuwe fiets gekoop.
5. * Meneer Monaisa is die baie goeie prinsipaal.
Meneer Monaisa is h baie goeie prinsipaal.
6. * C. N. Lekalake is nie die hoërskool nie.
C. N. Lekalake is nie h hoërskool nie.
7. * Hierdie droogte het vir ons in die ernstige toestand
laat staan.
Hierdie droogte het ons in h ernstige toestand laat beland.
8. * In ons huis ons het die televisie.
In ons huis het ons h televisie.
9. * My ma is die huisvrou.
My ma is h huisvrou.

10. * Het jy nie die handsak gesien?
Het jy nie h handsak gesien nie?

(b) h in plaas van die:

1. * h Motor wat my oom gekoop is mooi.
Die motor wat my oom gekoop het, is mooi.
2. * h Koei wat jy melk is myne.
Die koei wat jy melk is myne.
3. * h Kinders wat daar speel, loop by ons skool.
Die kinders wat daar speel, loop by ons skool.
4. * h Man wat praat daar is my pa se vriend.
Die man wat daar praat is my pa se vriend.
5. * Eendag het h diere hom kom kuier.
Eendag het die diere vir hom kom kuier.
6. * As jy gaan skool toe vat jy h pad aan 'n linkerkant.
As jy skool toe gaan, vat jy die pad aan die linkerkant.
7. * Eerste gaan ek in h klas en neem my boeke.
Eerstens gaan ek in die klas en neem my boeke.
8. * h Kerk wat ek loop is die Duitse Gereformeerde Kerk.
Die kerk wat ek loop is die Duitse Gereformeerde Kerk.

Dit wil voorkom of die leerlinge, wanneer hulle op pad is na die bemeestering van lidwoorde, 'n neiging het om dit oortollig te gebruik. Vergelyk die volgende sinne waarin die lidwoord die oortollig gebruik is:

1. * Ek staan op vroeg en maak die tee vir my moeder.
Ek staan vroeg op en maak tee vir my moeder.
2. * My hond hou van die pap en die melk.
My hond hou van pap en melk.

3. * Elke pouse ons koop die brood met die botter.
Elke pouse koop ons brood en botter.
4. * Ek het die ses broers.
Ek het ses broers.
5. * Meneer Monaisa hou nie van die stout kinders nie.
Meneer Monaisa hou nie van stoute kinders nie.
6. * Na die ontbyt ek help my moeder om die huis skoon te maak.
Na ontbyt help ek my moeder om die huis skoon te maak.
7. * Na die ete ek was die skottelgoed en dan 'n bietjie rus.
Na ete was ek die skottelgoed, dan rus ek 'n bietjie.
8. * My moeder gee my die water dat ek moet was.
My moeder gee my water om te was.
9. * Ons het die boom van die perskes in ons tuin.
Ons het 'n perskeboom in ons tuin.
10. * Hy hou die koffie baie.
Hy hou baie van koffie.

In die volgende sinne is die lidwoord h oortollig gebruik:

1. * My tante het h twee groot dogters.
My tante het twee groot dogters.
2. * Daar is h baie mooi blomme in ons tuin.
Daar is baie mooi blomme in ons tuin.
3. * Voor ons huis ons het h groot vensters.
Die voorkant van ons huis het groot vensters.

4. * My ma kook h pap en vleis.
My ma kook pap en vleis.
5. * My vader het h skape en koeie.
My vader het skape en koeie.
6. * Daar was h seuns en h dogters.
Daar was seuns en dogters.
7. * My ouers is h goed.
My ouers is goed.
8. * Dr. Pou het hom h werk gee.
Dr. Pou het hom werk gegee.
9. * Hierdie boskabouter het h groot voete gehad.
Hierdie boskabouter het groot voete gehad.
10. * h Tolie het by die hospitaal gekom.
Tolie het by die hospitaal aangekom.

Die h, enkelvoud, word verwar met meervoud.

4.3.4 DIE WERKWOORDSTUKKERN

Hieronder gaan die lydende vorm en die deeltjiewerkwoord behandel word.

4.3.4.1 Die lydende vorm (tirwa)

Wanneer daar van die lydende vorm van die werkwoordstuk (WS) gepraat word, dan word die bedrywende vorm as die kernkonstruksie beskou. Die lydende vorm word verkry deur die omsetting van die bedrywende vorm. Hierdie omsetting vind plaas deur die toepassing van bepaalde reëls in 'n aantal stappe. Dieselfde geld vir die lydende vorm in Setswana. Vergelyk die volgende foutiewe konstruksies:

- (i) * Die voëls deur hulle word geskiet.
- (ii) Dinonyane di~~e~~ thuntshwa ke bone.

- (iii) Mv. + S. nw. + owps. + w + lydende part. + v. nw. (mv).
- (iv) (Die) voëls geskiet word deur hulle.
- (v) Dinonyane ke bona ba di thuntshang.
- (vi) Mv. + s. nw. + owps. + v. nw. + owps. + w.
- (vii) Voëls (dit is) hulle wat hulle skiet.
- (viii) Die voëls word deur hulle geskiet.
- (ix) 62 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die moedertaalsin is letterlik vertaal; vergelyk nommers (i) en (iv) hierbo in hierdie verband.

* Die voëls		-		deur hulle		word geskiet.
Dinonyane				ke bona		ba di thuntshang.

Die omsettingsreëls in Afrikaans en Setswana is vergelykbaar maar nie identies nie, byvoorbeeld in Afrikaans kry die hoofwerkwoord 'n prefiks ge-, terwyl die hoofwerkwoord in Setswana 'n suffiks -wa/-iwa kry. 'n Verskil wat aangetref word is die omskrywingshulpwerkwoord WORD wat nie in Setswana gevind word nie. As die leerling letterlik vertaal, veroorsaak hierdie verskil verwarring en gevolglik ontstaan daar 'n patroonversteuring op hierdie vlak.

Die volgende foutiewe voorbeelde illustreer hierdie versteuring:

1. * Hy | word | geleer deur ons.
Ena | - | (o) rutwa ke rona.
Hy word deur ons geleer.
2. * Die hout | word | gekap | deur my pa.
Dikgong | - | (di) rengwa | ke ntate.
Die hout word deur my pa gekap.
3. * Die lied | is deur ons | gesing word.
Pina | ke rona | (re) opelang.
Die lied is deur ons gesing.

4. * Die beeste | word | geoppas | deur die wagter.
 Dikgomo | - | (di) disiswa | ke modisa.
 Die beeste word deur die wagter opgepas.
5. * Die leerling | is gestraf | word | deur die hoof.
 Morutwana | (o) otlhailwe | - | ke mogokgo.
 Die leerling is deur die hoof gestraf.
6. * Die skape | deur iemand | word | geskeer.
 Dinku | mongwe (o a) | - | (di) beola.
 Die skape word deur iemand geskeer.
7. * Die beeste | word | gepasop.
 Dikgomo (di) | - | a disiswa.
 Die beeste word opgepas.
8. * Die onderwyseres | word | geprys het | deur die leerlinge.
 Morutabana (o) | - | akgolwa | ke baithuti.
 Die onderwyseres word deur die leerlinge geprys.

4.3.4.2 Die deeltjiewerkwoorde

Die deeltjiewerkwoorde in Afrikaans is die werkwoorde wat saam met 'n deeltjie voorkom. Dit wil sê hierdie werkwoorde bestaan uit 'n werkwoordelike gedeelte plus 'n deeltjie. Die volgende is voorbeelde van dié soort werkwoord in Afrikaans:

aanwerk, aantrek, nasien, oppas, uitkom.

'n Opvallende eienskap van hierdie werkwoorde is dat dit op so 'n manier voorkom in die sin dat die twee dele waaruit dit bestaan, los van mekaar staan. In die stelsin is dit opvallend dat die deeltjie altyd aan die einde van die sin staan. 'n Verdere eienskap van die deeltjiewerkwoorde is dat dit geskei voorkom by die stelsin in die teenwoordige of onbepaalde tyd, maar ongeskei wanneer daar byvoorbeeld 'n hulpwerkwoord optree.

Die deeltjiewerkwoorde is onbekend in Setswana.

Vergelyk die volgende voorbeeld:

- (i) Die leeu doodmaak baie diere.
- (ii) Tau e bolaya diphologolo tse dintsi.
- (iii) S. nw. + owps. + w + (mv) s. nw + aanw. wrd + telwrd
(onbep.).
- (iv) Leeu (hy) doodmaak diere baie.
- (v) Tau e bolaya diphologolo tse dintsi.
- (vi) S. nw. + owps. + w + (mv) s. nw + aanw. wrd + telwrd
(onbep.).
- (vii) Leeu (hy) doodmaak diere (hulle) baie.
- (viii) Die leeu maak baie diere dood.
- (ix) 59 gevalle uit 117 is aangeteken.

Opmerking

Deeltjiewerkwoorde is onbekend by die Motswanaleerling. Hy weet dus nie dat hierdie werkwoord skeibaar is nie.

Deeltjiewerkwoordtransformasie kom dus nie voor in Setswana nie. Hier volg nog 'n paar voorbeelde van sinne waarin die leerlinge hierdie patroon veralgemeen het:

- 1. * Dit is baie koud, ek aantrek my jas.
Dit is baie koud, ek trek my jas aan.
- 2. * As vader van die werk afkom, uittrek hy sy skoene.
As vader van die werk afkom, trek hy sy skoene uit.
- 3. * Die onderwyser aanbeveel dat ek die werk oordoen.
Die onderwyser beveel aan dat ek die werk oordoen.
- 4. * Die seun tel op die stoel.
Die seun tel die stoel op.
- 5. * Moeder aanskakel die lig as dit donker.
Moeder skakel die lig aan as dit donker word.

6. * Die stout seun skakel aan die lig.
Die stout seun skakel die lig aan.
7. * Daar kom aan Pieter.
Daar kom Pieter aan.
8. * Maria gooi af die water in die koppie.
Maria gooi die water af in die koppie.
9. * Vader optel die kind.
Vader tel die kind op..
10. * Optel my boeke asseblief.
Tel my boeke asseblief op.

58 uit 117 gevalle is opgeteken waar die deeltjiewerkwoorde verkeerd gebruik word wanneer tydhulpwerkwoorde gebruik word. Hier volg 'n paar voorbeelde:

1. * Ek het my skoolklere aantrek.
Ek het my skoolklere aangetrek.
2. * Adam het die appel weggooi.
Adam het die appel weggegooi.
3. * My broer sal betaal die kaptein af.
My broer sal die kaptein afbetaal.
4. * Die seuns het my pen afneem.
Die seuns het my pen afgeneem.
5. * Moeder het my appel afskil.
Moeder het my appel afgeskil.
6. * Pa het gister aankom.
Pa het gister aangekom.

Hier volg nou voorbeelde waar ge- met die deeltjiewerkwoorde verkeerd gebruik is.

1. * Die leeu het baie diere gedoodmaak.
Die leeu het baie diere doodgemaak.
2. * Die prins het geuitkom.
Die prins het uitgekom.
3. * Moeder het R50,00 vir die radio afgebetaal.
Moeder het R50,00 vir die radio afbetaal.
4. * Die trein het vroeg geaankom.
Die trein het vroeg aangekom.
5. * Die leerlinge het baie vinnig geopstaan toe die onderwyser instap.
Die leerlinge het baie vinnig opgestaan toe die onderwyser instap.
6. * My moeder het die huis gebetaal af.
My moeder het die huis afbetaal.
7. * Piet het die stoof geskakel aan.
Piet het die stoof aangeskakel.
8. * Vader het die skaap geafslag.
Vader het die skaap afgeslag.
9. * Nadat Sindy die kos gevoorberei het, het ons geloop.
Nadat Sindy die kos voorberei het, het ons geloop.
10. * Die beeste word geoppas deur die wagter.
Die beeste word deur die wagter opgepas.

4.3.4.3 Die hulpwerkwoord van tyd

Die patroonversteurings wat by die respondente voorkom, kom voor in die foutiewe gebruik van het, was en is. Die tydhulpwerkwoord word verwar met die koppelwerkwoord is. 60 uit 117 gevalle is opgeteken. Vergelyk die volgende voorbeeld:

- (i) * Ek het drie dae gestraf word.
- (ii) Nna ke ne ke otlhailwe malatsi a mararo.
- (iii) V. nw + owps. + hulpw. + owps. + w + s. nw + b. nw.
- (iv) Ek (ek) het gestraf drie dae.
- (v) Nna ke ne ke otlhailwe malatsi a mararo.
- (vi) V. nw. + owps. + hulpw. + owps. + w + s. nw + b. nw.
- (vii) Ek het gestraf drie dae.
- (viii) Ek is drie dae gestraf.
- (ix) 60 uit 117 gevalle is opgeteken.

Opmerking

In Afrikaans word die verlede tyd gevorm deur die hulpwerkwoorde het, is en was te gebruik. Die verlede tyd hulpwerkwoord in Setswana is ne. Dit wil voorkom of die leerling nie weet dat is en was verlede tyd kan uitdruk nie, omdat hy is as die teenwoordige tyd beskou soos byvoorbeeld in Ek is siek.

Die verlede tyd volgens hom word net deur het en was in Afrikaans uitgedruk, daarom word hierdie woorde foutief gebruik. In Afrikaans kry die werkwoord 'n prefiks ge- as die verlede tyd gevorm word, terwyl die Setswana werkwoord 'n suffiks -ile en -ilwe kry.

Ander voorbeelde is:

- 1. * Ek het aangeraai om agter te bly.
- 2. * Daardie huis het deur die weerlig geslaan.
- 3. * Hulle het toegelaat op die einde.
- 4. * Die tuin het omgespit.
- 5. * Daarna het die groente weggespoel deur die reën.

Hier volg voorbeelde waar was in plaas van het gebruik is en waar was in plaas van is gebruik is:

1. * Dit was moeilik gegaan, daarom het ek standaard vyf gedruip.
2. * Sy was geskrik toe sy die slang sien.
3. * Die seun was amper verdrink omdat hy kan nie swem.
4. * Die stoute meisie was amper in die moeilikheid beland.
5. * Die onderwyser was 'n opgeleide soldaat.
6. * My ouma was op die plaas gebore.
7. * Wat was mooier die somer of winter?
8. * Die man was hard geroep toe huis begin brand.
9. * Die predikant was 'n belangrike persoon in die gemeenskap. (Teenwoordige tyd).

4.3.4.4 ONTKENNING

Die Afrikaanse ontkenningswoord is die woord nie, en die Setswana ontkenningswoord is ga. In Afrikaans word hierdie woord dikwels herhaal in die sin, terwyl dit net eenmaal in die Setswana ontkenning sin voorkom. Die funksie van die ontkenningswoord is om ontkenning uit te druk. Vergelyk die volgende sin:

- (i) * Die meisie kan nie baklei omdat sy is bang.
- (ii) Mosetsana ga a kgone go lwa (ka) gone o a tshaba.
- (iii) S. nw. + ont. part. + owps. + w + infinitiefspart.
+ w (Byw. bep.) + vgwrđ. + owps. + w (byw. bep.)
+ w.
- (iv) Meisie kan nie baklei omdat sy is bang.
- (v) Mosetsana ga kgone go lwa (ka) gone o a tshaba.
- (vi) S. nw. + ont. part. + w + w + vgwrđ + owps + w
(Byw. bep.) + w.
- (vii) Meisie nie kan baklei omdat sy is bang.
- (viii) Die meisie kan nie baklei nie, omdat sy bang is.
- (ix) 50 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Wanneer die leerling 'n letterlike vertaling van die moedertaalsin maak, word die tweede nie weggelaat. Die weglating van hierdie nie is korrek volgens die moedertaalpatroon, maar foutief in Afrikaans. Die tweede nie staan aan die einde van die sin.

Die volgende foutiewe sinne illustreer hierdie feit verder:

1. * Ek het nie baie van hierdie soort lewe gehou.
2. * Na die ongeluk ek kon nie mooi loop.
3. * Die arme mense het honger gely want hulle het nie genoeg geld verdien het.
4. * Ek kon vir 'n week nie sit.
5. * Hulle het nie dit gedoen.
6. * Marie is sy suster nie.
7. * Vandag ek is siek en wil nie praat baie.
8. * Ons prinsipaal hou nie van stout kinders.
9. * Die leerling het nie die onderwyser 'n poets gebak.
10. * Hy het niemand gevind.

Partymaal verstaan die leerling dat daar twee nie's voorkom. Die woordordeversteuring wat ontstaan, is dat die leerling nie weet waar om die eerste nie in die sin te plaas nie. Vergelyk die volgende sinne:

1. * Almal het nie dit gedoen nie.
2. * Sy moeder het nie hom gestuur nie.
3. * Ek kon nie wat gebeur het, nie glo nie.
4. * Sy kan onthou nie wat is haar naam nie.

4.3.5 TABULERING VAN DIE FREKWENSIE EN AARD VAN VERSTEURING

Vlak van versteuring	Frekwensie	Aard van versteuring
1. Woordorde	72 uit 117 gevalle	Letterlike vertaling. Oordrag van Moedertaalpatroon.
2. Voornaamwoorde	69 uit 117 gevalle	(a) Gebrek aan die gebruik van die Afrikaanse manlike en vroulike voornaamwoorde. (b) Verwarring van die Setswana Owps. met die Afrikaanse v. nw.
3. Voegwoorde	56 uit 117 gevalle	Die gebrekkige gebruik van voegwoorde wat lei tot die versteuring van die woordorde.
4. Lidwoorde	70 uit 117 gevalle	Die feit dat lidwoorde onbekend is in Setswana maak dit moeilik vir die leerling om dit te bemeester. Dit is die gevolg van gebrek aan doeltaalkennis.
5. Die Lydende vorm	62 uit 117 gevalle	Moedertaalpatroonoordrag veroorsaak versteuring van die woordorde. Die omskrywingshulpwerkwoord <u>WORD</u> , wat afwesig is in Setswana is moeilik om te bemeester.
6. Deeltjiewerk- woorde	59 uit 117 gevalle	Moedertaalpatroonoordrag veroorsaak versteuring van die woordorde. Die onbekendheid van deeltjiewerkwoorde het gelei tot valse analogie.
7. Die hulpwerk- woord van tyd	60 uit 117 gevalle	Die tydhulpwerkwoord word verwar met die koppelwerkwoord <u>is</u> .
8. Ontkenning	50 uit 117 gevalle	Gebrekkige gebruik van die dubbel ontkenning in Afrikaans.

43 eenmalige foute (vergissings) uit 117 is op die sintaktiese vlak aangeteken.

4.4 LEKSIKALIES - SEMANTIESE PATROONVERSTEURINGSVLAK *

Die studie van die betekenis van leksikale items as geïsoleerde elemente maak 'n deel uit van die gebied van die Leksikologie, of die studie van die woordeskat ('n ander term vir 'woordeskat' is 'leksikon').

Dit moet onmiddellik in gedagte gehou word dat daar baie aspekte van die woordeskat is wat sintakties van aard is, soos die verbindbaarheid van leksikale items om grammatikale sinne te vorm, onder andere die seleksiebeperkings, of beperkings wat verhoed dat botsende of onlogiese of ongrammatikale verbindings tussen leksikale items tot stand kom. Daar is ook baie aspekte van die woordeskat wat in die eerste en laaste instansie semanties van aard is, soos die betekenistipe waartoe 'n leksikale item behoort, byvoorbeeld: is dit van kognitiewe of konnotatiewe, sinonimiese of antonimiese aard. Daar is nie waterdigte skeidings tussen die verskillende komponente van taalbeskrywing nie.

Die woordeskat van 'n taal speel dus 'n belangrike rol, daarom is dit nodig vir die taalaanleerder om die woordeskat van die doeltaal te bemeester. Laasgenoemde moet reëls in verband met die gebruik van die elemente verskaf. Die ondersoek het aangedui dat die proefgroep se woordeskat in Afrikaans nog swak is. Hulle het herhaaldelik die volgende woorde verwar en verkeerd gebruik en ongrammatikale leksikaliese verbindings het dus ontstaan: weet X ken, verloor X verdwaal, tel X lees, swaar X hard X streng X moeilik, wees X was.

- (i) * Niemand weet sy adres.
- (ii) Ope ga a itse tshupobodulo jwa gagwe.
- (iii) Ont. wrd + ont. part. + w + s. nw + besit.
- (iv) Niemand nie weet adres syne.
- (v) Ope ga itse tshupobodulo gagwe.
- (vi) Ont. wrd + ont. part. + w + s. nw + besit.
- (vii) Niemand nie weet adres van syne.
- (viii) Niemand ken sy adres nie.
- (ix) 57 uit 117 gevalle is aangeteken.

Setswana onderskei nie semanties tussen weet en ken nie; een woord, naamlik itse omsluit beide begrippe wat in Afrikaans onderskei word. Die Setswanabegrip is vergelykbaar met die Engelse woord know. Die gebrek aan leksikale items het gelei tot transleksikalisasie wat in 49% van die leerlinge se opstelle aangetref is. 'n Paar respondente het ook weet in plaas van leer gebruik, omdat itse in Setswana ook as leer gebruik kan word in sekere omstandighede. Vergelyk die volgende sinne waarin hierdie woorde foutief gebruik is:

1. * Ons ken dat in die ou dae die mense het beeste gehad.
2. * Monare ken nie om te skryf nie.
3. * Hulle sal soorte planne weet.
4. * Ek was baie bang want ek het niemand geweet nie.
5. * Die onderwysers het nie van ons plan geken nie.
6. * My ouers het geken dat ek sou slaag.
7. * Die man ken die vrou haat hom.
8. * Ek het baie dinge geweet by die primêre skool.
9. * Ek het die lewe later geweet.

Verloor X verdwaal

- (i) * Die beeste het in die digte bos verloor.
- (ii) Dikgomo di timetse mo sekgweng se se kitlaneng.
- (iii) (Mv.) N. + v. nw + owps. + w + bywrd. + lok. +
owps. + owps. + b. nw.
- (iv) Beeste hulle het verloor in veld digte.
- (v) Dikgomo di timetse mo sekgweng se se kitlaneng.
- (vi) (Mv.) N. + v. nw + owps. + w + bywrd. + lok. +
owps. + owps. + b. nw.
- (vii) Beeste (hulle) verloor in veld digte.
- (viii) Die beeste het in die digte bos verdwaal.
- (ix) 48 gevalle uit 117 is aangeteken.

Opmerking

Verloor en verdwaal het ook twee aparte woorde in Setswana, naamlik latlhega en timela. In Setswana is hierdie twee woorde sinonimies, en hulle kan om die beurt gebruik word om dieselfde begrip uit te druk. In Afrikaans word hierdie twee woorde duidelik onderskei. Vergelyk die volgende sinne waarin hierdie twee begrippe foutief gebruik is:

1. * Toe ons in Johannesburg kom, het ons in die groot stad verloor tussen die baie motors en baie mense.
2. * Baie mense verloor in 'n onbekende dorp.
3. * Mmabatho het in 'n groot dorp gegroei, ek verloor baie maal as ek alleen loop.
4. * Ek het verloor en ek het elke keer in 'n doodloopstraat gery.
5. * Toe ek in die klas kom het die geld in my skoolsak verdwaal.
6. * Die geld het in die huis verdwaal.
7. * Die helfte van Sindy se speelgoed het verdwaal toe sy met haar maats gaan speel het.

Tel X lees

- (i) * Die onderwyser het die leerlinge gelees.
- (ii) Morutabana o badile barutwana.
- (iii) S. nw. + owps. + w + s. nw. (mv.).
- (iv) Onderwyser (hy) gelees leerlinge.
- (v) Morutabana o badile barutwana.
- (vi) S. nw. + owps. + w. + s. nw. (mv.).
- (vii) Onderwyser (hy) het gelees leerlinge.
- (viii) Die onderwyser het die leerlinge getel.
- (ix) 38 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Net soos Afrikaans is daar 'n duidelike onderskeid tussen go bala (tel) en go buisa (lees) in Setswana. Hierdie onderskeid word meestal by die geleerdes aangetref, maar die mense wat nog self hulle eie moedertaal wetenskaplik aanleer, ken nog nie die verskil nie; hulle beskou die twee aparte woorde as sinoniem, en verkeerdelik so. Dit is die rede waarom daar 'n versteuring op semantiese vlak bestaan. Vroeër het daar net een woord bestaan, naamlik bala wat beide begrippe in Afrikaans omsluit het, maar met die ontwikkeling van die Setswana woordeskat, is go buisa 'n term wat uitsluitlik gebruik word wanneer daar van gelees gepraat word. Dit is wat die leerlinge nog moet leer.

swaar, moeilik, hard en streng.

Bogenoemde woorde het groot verwarring by die respondente veroorsaak.
Vergelyk die volgende sin:

- (i) * Die vakke is swaar.
- (ii) Dithuto di thata.
- (iii) S. nw. + owps + b. nw.
- (iv) Vakke hulle is swaar.
- (v) Dithuto di thata.
- (vi) S. nw. + owps. + b. nw.
- (vii) Vakke hulle is swaar.
- (viii) Die vakke is moeilik.
- (ix) 53 gevalle uit 117 is aangeteken.

Opmerking

Setswana onderskei nie semanties tussen swaar, moeilik, hard en streng nie. Die woorde boima, bokete, thata, word as sinoniem beskou. Die verskil in betekenis hang net af van die kontekstuele gebruik van hierdie woorde. Al die bogenoemde Setswanawoorde word meestal as swaar in Afrikaans vertaal. Die respondente het gevolglik swaar deurgaans gebruik en het versteuring veroorsaak op die betekenisvlak.

Die volgende voorbeeldsinne illustreer die versteuring:

- 1. * Afrikaans is 'n swaar taal vir my.
- 2. * Die onderwyseres het 'n swaar vraag gestel.
- 3. * Ons het gesukkel om die plek te kry, die pad was swaar om te volg.
- 4. * Mevrouw Simon het ons 'n swaar gedig gegee om te leer.
- 5. * Dit is swaar om te leer as jy honger.

Daar is nog ander voorbeelde aangeteken, vergelyk die volgende:

- 1. * Gedurende daardie jare was vir iemand baie plesier om gestuur te word (aangenaam).
- 2. * Ek het my nuwe klere aangedra (aangetrek).
- 3. * Gedurende hierdie twee jare het ek baie interessant (geïntereseerd) in Afrikaans en Engels gewees (geword).
- 4. * Die twee tale het begin makliker wees (word) vir my.
- 5. * By die primêre skool het ons skool 'n toer ondergaan (onderneem).

6. * Ek het die inspekteur beïnvloed. (beïndruk).
7. * Die reëls was hard (streng) ons moes altyd op ons perdjie wees. (Op ons hoede wees).

4.4.1 TABULERING VAN DIE FREKWENSIE EN AARD VAN VERSTEURING

Woorde	Frekwensie	Aard van versteuring
1. Weet X ken	57 uit 117 gevalle	Die gebrek van leksikale items het gelei tot transleksikalisasie. Moedertaalversteuring speel ook 'n rol.
2. Verloor X verdwaal	48 uit 117 gevalle	Letterlike vertaling uit moedertaal. Omdat die woorde sinonimies is in Setswana, word hulle ook so vertaal, terwyl hulle in Afrikaans onderskei word.
3. Tel X lees	38 uit 117 gevalle	Word verkeerd as sinonimies vertaal. Gebrek aan korrekte taalgebruik.
4. Swaar X moeilik X hard X streng	53 uit 117 gevalle	Verkeerde vertaling van Setswanawoorde as <u>swaar</u> .

30 eenmalige foute (vergissings) uit 117 is aangeteken.

4.5 MORFOLOGIESE VERSTEURINGSVLAK

4.5.1 SUBSTANTIEWE

4.5.1.1 Soortnaamwoorde en massanaamwoorde

"n Heel grondliggende onderskeid binne die klas substantiewe is dié tussen substantiewe waarvan die referente individualiteit het, diskrete gehele is (die soortnaamwoorde) en dié waarvan die referente nie individualiteit het nie, nie - diskreet is (die massanaamwoorde)." (Ponelis 1979: 43).

(a) Die soortnaamwoorde

Die soortnaamwoorde is telbaar. Telbaarheid het onder andere dié implikasies vir soortnaamwoorde dat hulle:

- (i) sistematiese onderskeid tussen enkelvoud en meervoud
vertoon: mens - mense;
- (ii) met hooftelwoorde soos een en twee kan verbind: een
mens - twee mense.

Die Setswana-soortnaamwoorde is ook telbaar. Hulle vertoon ook 'n sistematiese onderskeid tussen enkelvoud en meervoud. Die soortnaamwoorde in Setswana behoort tot verskillende klasse. Elke klas het 'n klasprefiks in die enkelvoud en 'n klasprefiks in die meervoud.

motho - batho

Daar bestaan agt naamwoordklasse in Setswana. Vergelyk die volgende tabel:

Klas	Enkelvoud	Meervoud	Voorbeelde
1	mo	ba	monna, banna
1a	-	bo	matsale, bomatsale
2	mo	me	mogoma, megoma
3	le	ma	lefatshe, mafatshe
4	se	di	selepe, dilepe
5	n	din	nku, dinku
6	lo	din	logcng, dikgong
7	bo	ma	bogobe, magobe
8	go	-	go tsamaya

Van die bostaande tabel kan afgelei word dat Setswana vyf verskillende meervoudsprefikse besit. Daar is nie 'n meervoudsprefiks vir klas 8 nie. Dit kan gesê word dat die Setswanameervoud gevorm word volgens die klasprefiks waartoe die soortnaamwoorde behoort.

In Afrikaans word die meervoud gevorm deur die meervoudsuffiks -e en -s na die stam te plaas.

By die volgende konstruksie is hierdie meervoudsreël nie toegepas nie:

- (i) * Ons het verskillende dier gesien.
- (ii) Re bone mefuta ya diphologolo.
- (iii) Owps. + w + s. nw + besit. part. + (mv) s. nw.
- (iv) Ons gesien verskillende dier.
- (v) Re bone mefuta (ya) diphologolo.
- (vi) Owps. + w + s. nw. + s. nw.
- (vii) Ons gesien verskillende diere.
- (viii) Ons het verskillende diere gesien.
- (ix) Frekwensie: 40 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die weglating van die meervoudsuffiks -e kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan die toepassing van die meervoudsreël. Dit kom neer op wat Corder beskryf as gebrek aan korrekte taalgebruik. (Corder 1983b: 164). Die leerling ken nie die meervoudsreël in Afrikaans nie. Die volgende konstruksies is voorbeelde waar die respondente so 'n gebrek aan korrekte taalgebruik openbaar:

- 1. * Die meisie (meisies) maak die vloer (vloere) skoon en die seun (seuns) maak die venster (vensters) skoon.
- 2. * Die dogter (dogters) speel korfbal en die seun (seuns) sokker.
- 3. * Die student (studente) het nie tyd gehad vir boek (boeke).
- 4. * Daar is perskeboom (bome) in my oom se vrugteboord.

5. * Haar siekte het maand (maande) lank geduur.
6. * Ons skool is een van die ou skool (skole) in Mmabatho.
7. * Daardie onderwyser (onderwysers) hou by ons skool.
8. * Die kinder (kinders) speel in die water.

(ii) Net soos in Afrikaans verbind die Setswana-soortnaamwoorde ook met hooftelwoorde. Die telwoord kom na die selfstandige naamwoord volgens die Setswanawoordorde, terwyl dit voor die selfstandige naamwoord kom in Afrikaans. Die meervoud in Setswana word by die klasprefiks gevorm. In Afrikaans kry die soortnaamwoord sy meervoudsuffiks. Vergelyk die volgende foutiewe konstruksie waar die soortnaamwoord saam met 'n hooftelwoord verbind is:

- (i) * Daar is tien onderwyser by ons skool.
- (ii) Go na le barutabana ba ba lesome mo sekolong sa rona.
- (iii) Owps. + w + s. nw. + aanw. wrd + owps. + s. nw.
(telw.) + lok. part. + s. nw. (lok) + besit.
part. + v. nw.
- (iv) Daar is onderwysers tien by ons skool.
- (v) Go na le barutabana ba ba lesome mo sekolong sa rona.
- (vi) Owp. + w + s. nw. + aanw. wrd. + owps. + s. nw.
(telw.) + lok part. + s. nw. (lok) + besit.
part. + v. nw.
- (vii) Daar is onderwysers tien by ons skool.
- (viii) Daar is tien onderwysers by ons skool.
- (ix) Frekwensie: 45 uit 117 gevalle is opgeteken.

Opmerking

Dit is ook die gevolg van gebrek aan korrekte taalgebruik. Die leerling voel dat omdat hy alreeds die telwoord gebruik het om "meer as een" aan te dui, dit nie meer nodig is om die soortnaamwoord in die meervoud uit te druk nie. Hier volg nog ander voorbeelde waar die meervoudsuffiks weggelaat is waar die telwoorde voorkom.

1. * Ons lees twee bundel (bundels) gedigte.
2. * Daar was twee speelterrein (speelterreine).
3. * Daar staan drie kar (karre) langs die huis.
4. * Twee speler (spelers) is in die wedstryd beseer.
5. * Daar is sestien klaskamer (klaskamers) by ons skool.
6. * Die regering het sestig nuwe huis (huise) gebou.
7. * Tien leerling (leerlinge) het in die ongeluk gesterf.
8. * Ons het net twee rolprent (rolprente) gesien.

(b) Massanaamwoorde

Die Afrikaanse sowel as die Setswanamassanaamwoorde vertoon nie getalsonderskeid nie. Hier volg voorbeelde in Setswana:

metsi, madi, loapi, Modimo, diphirimisi, tenego, maikaelelo.

Die Afrikaanse ekwivalente is:

water, bloed, lug, God, bog, ergernis, begeerte.

Daar is sekere Afrikaanse massanaamwoorde wat as soortnaamwoorde optree in Setswana. Dus gebruik die leerling die meervoudsuitgang in Afrikaans by dié massanaamwoorde. Hier volg 'n paar voorbeelde wat in die leerlinge se opstelle aangeteken is:

1. * My ma kook die kosse terwyl ek huis skoon maak. (In Setswana is kos 'n soortnaamwoord. Dus kry ons sejo (ekv.) en dijo (mv).
2. * Daar was baie skaap vleise op die tafel. (In Setswana behoort vleis tot die soortnaamwoorde; (nama - dinama).
3. * As my ma dorp toe gaan koop sy vir ons lekkergoede (monamone - dimonamone).
4. * Daar was te veel sterk drankie by die bruilof (bojalwa - majalwa).

5. * Na die reën het daar waters in die straat geloop. (In Setswana is water ook 'n massanaamwoord. Dit is 'n oorveralgemening van die meervoudsreël).
6. * Ek het te veel koeke geëet. (kuku - dikuku in Setswana).

Opmerking

Hier kan gepraat word van moedertaalpatroonversteuring waar die Afrikaanse massanaamwoorde wat as soortnaamwoorde in Setswana voorkom, ook meervoudsvorme kry.

FALSE ANALOGIE

Die volgende voorbeelde is aangeteken.

1. * Ek gaan dorp toe en sien baie huises.
2. * My ouers gaan koop die groentes.
3. * My oupa het vyf plases.
4. * Hulle het vyf beestes geslag.
5. * Die skapes het in die veld verloor.
6. * Die studentes het nie tyd gehad vir hulle boek.
7. * In Pilanesberg het ek baie olifants gesien.
8. * Agter twee dags gaan ek Mogwase toe.
9. * Ons het die booms van die perske in ons tuin.
10. * Hulle het net twee uurs gekuier.

Opmerking

Uit die bostaande voorbeelde wil dit voorkom of die leerlinge net EEN meervoudsuitgang in Afrikaans ken, naamlik dat meervoud gevorm word deur die suffiks -s. Hierdie meervoudsreël is oorveralgemeen. Hulle ken blykbaar nie die -e meervoudsuffiks nie, omdat hulle dit nie raaksien nie. Hulle plaas nog 'n -s aan die einde van die woord. Vergelyk die eerste vyf voorbeelde.

In die voorbeelde wat daarop volg, is die -s suffiks gebruik in plaas van die -e suffiks.

Die meervoudsvorm op -s kom meer voor in Afrikaans.

Dit wil voorkom of daar ook 'n Engelse invloed ter sprake is omdat al hierdie soortnaamwoorde 'n -s in die Engelse meervoud kry.

4.5.1.2 Maatnaamwoorde

Maatnaamwoorde in Afrikaans is 'n onderklas soortnaamwoorde wat onder andere in verbinding met bepaalde hooftelwoorde nie 'n meervoud neem nie. In Setswana is dit nie die geval nie; alle soortnaamwoorde kry 'n meervoudsprefiks wanneer hulle met 'n telwoord verbind. Hierdie verskil tussen die Afrikaanse en Setswanamaatnaamwoorde veroorsaak versteuring in Afrikaans.

Vergelyk die volgende konstruksie:

- (i) * Ek was ses jare toe ek die eerste tyd skool toe gaan.
- (ii) Ke ne ke le dingwaga tse di thataro fa ke ya sekolong la ntlha.
- (iii) Owps. + hulpw. + owps. + hulpw. + s. nw. + aanw. wrd. + owps. + telw. + vgwr. + owps. + w + s. nw (lok) + besit. part. + s. nw. (telw.).
- (iv) Ek het ses jare toe ek gaan skool toe die eerste tyd.
- (v) Ke ne ke le dingwaga tse di thataro fa ke ya sekolong la ntlha.
- (vi) Owps. + hulpw. + owps. + hulpw. + s. nw. + aanw. wrd. + owps. + telw. + vgwr. + owps. + w + s. nw (lok) + besit. part. + s. nw. (telw.).
- (vii) Ek het ses jare toe ek gaan skool toe die eerste tyd.
- (viii) Ek was ses jaar (oud) toe ek vir die eerste maal skool toe gaan.
- (ix) Frekwensie: 53 uit 117 gevalle is aangeteken.

Hier volg nog ander voorbeelde:

- 1. * Ek het skool toe gegaan toe ek net ses jare was. (jaar).
- 2. * Ek was dertien jare toe ek standerd een slaag. (jaar).

- | | | |
|-------|--|--------------|
| 3. * | Hy was 'n seuntjie van ses jare. | (jaar). |
| 4. * | Na vier jare het ek na die hoërskool toe gegaan. | (jaar). |
| 5. * | Dit was omtrent tien ure se rit. | (uur). |
| 6. * | Die plek is vyftig kilometers hiervandaan. | (kilometer). |
| 7. * | Moeder gee my tien rante vir die skoolgeld. | (rand). |
| 8. * | Marie het twee dosyne eiers gekoop. | (dosyn). |
| 9. * | Ek het twee meters afgemeet. | (meter). |
| 10. * | Piet het drie liters melk. | (liter). |

4.5.2 WERKWOORDELIKE AFLEIDING

4.5.2.1 Werkwoorde sonder die gebruik van die ge-

Die Afrikaanse voltooië deelwoord word gevorm deur 'n ge- voor die werkwoordstam te plaas, dus gewerk, geloop, gesing. Die hulpwerkwoord van wyse naamlik, het speel ook 'n belangrike rol om die perfektiewe uit te druk. In Afrikaans word daar uitsonderings aangetref, waar die werkwoorde nie 'n ge- in die verlede tyd kry nie. Dit is al die werkwoorde wat op die volgende voorvoegsels begin: her-, ver-, ont-, be-. Vergelyk die volgende uiting:

- (i) * Hy het die hele storie vir Oupa gevertel.
- (ii) Ena o boleletse rremogolo kgang yotlhe.
- (iii) V. nw. + owps. + w + s. nw. + w + kw.
- (iv) Hy (hy) gevertel Oupa die hele storie.
- (v) Ena o boleletse rremogolo kgang yotlhe.
- (vi) V. nw. + owps. + w + s. nw. + w + kw.
- (vii) Hy (het) gevertel Oupa die hele storie.
- (viii) Hy het die hele storie vir Oupa vertel.
- (ix) 43 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

In Setswana word die perfektief deur die byvoeging van die suffiks -ile aan die hoofwerkwoord gevorm. Die Setswanaperfektief hoofwerkwoord + ile word in Afrikaans uitgedruk deur het ge- + werkwoordstam. Die respondente ken hierdie reël, maar hulle ken nie die uitsonderings nie, daarom word die reël oorveralgemeen in die perfektiefvorming van werkwoorde wat met die morfeme her-, be-, ont-, en ver- begin wat nie 'n ge- neem nie.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

1. * Die hasie was baie bly en vir Voete gebedank.
2. * Sy het gevergeet met sy pyne.
3. * Voete het vir hulle 'n storie gevertel.
4. * Die dokter het hom gevertel hy moet glimlag.
5. * Sy het die hele les geherhaal.
6. * Voete het vir dr. Pou gebedank.
7. * Donsie het vir hasie geontmoet.
8. * Die skole het weer geheropen.

4.5.2.2 Weglaat van ge-

Vergelyk die volgende konstruksie:

- (i) * Ek het aan hom dink.
- (ii) Nna ke ne ke mo gopotse.
- (iii) V. nw. + owps. + hulpw. + owps. + owps. + w.
- (iv) Ek (ek) het hom dink.
- (v) Nna ke ne ke mo gopotse.
- (vi) V. nw. + owps. + hulpw. + owps. + owps. + w.
- (vii) Ek (ek) het aan hom dink.
- (viii) Ek het aan hom gedink.
- (ix) 40 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Setswana kan nie die perfektief aandui sonder om van die perfektiewe suffiks gebruik te maak nie. Hierdie fout kan dus nie toegeskryf word aan moedertaalversteuring nie, maar aan gebrek aan taalgebruikskennis.

Hier volg nog 'n paar voorbeelde wat uit die respondente se opstelle gevind is:

1. * Moeder het maak die kos.
2. * Die onderwyser het ons almal straf.
3. * By die byeenkoms het ons almal hardloop.
4. * Moeder het sien die kinders speel.
5. * Oupa het gister twee skape slag.

6. * Die leerlinge het nie leer hulle werk.
7. * Baie diere het sterwe van die droogte.
8. * Die onderwyseres het straf ons.

4.5.3 DIE TRAPPE VAN VERGELYKING

Vergelyking in Afrikaans kom tot stand deur die trappe van vergelyking, naamlik die stellende, die vergelykende en die oortreffende trap, byvoorbeeld:

groot groter grootste

Daar word van twee middele gebruik gemaak om hierdie vergelyking in Afrikaans uit te druk, te wete deur die agtervoegsels -er en -ste onderskeidelik by die vergelykende en die oortreffende trap te voeg. Die tweede manier is om die woorde meer en mees/meeste onderskeidelik voor die vergelykende en oortreffende trap te plaas, byvoorbeeld:

afgeleë meer afgeleë mees afgeleë

In Setswana word vergelyking baie weining uitgedruk. Vergelyking word uitgedruk deur suffiks -ana en die duplisering van die stam onderskeidelik by die vergelykende en oortreffende trap, byvoorbeeld:

kgolo kgoloana kgolokgolo

Die versteuring wat hier aangetref is, was baie min. Die versteuring wat aangetref is, is op die vergelykende trap aangetref. Die volgende voorbeelde verteenwoordig dié versteurings:

- * Ek voel beterder as gister.
- * Daardie klaskamer is groterder.
- * Hy is ouerter as my broer.
- * Die vrou is goeter as haar man.

Opmerking

Die leerlinge het baie min foute begaan, daarom kan gesê word dat hulle die trappe van vergelyking bemeester het. Die foute wat begaan is, is die gevolg van 'n oorveralgemening van die reël van die vergelykende trap.

4.5.4 VERKLEINING

By hierdie vlak was daar geen versteurings nie. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die leerlinge nie moeilikheid ondervind om verkleining te vorm nie, omdat die Afrikaansverkleiningsreëls baie min is. In Setswana is die reëls om verkleining te vorm baie en ingewikkeld. Daarom vind hulle dit maklik om die Afrikaanse verkleiningsreëls te bemeester.

Slotopmerking

Die versteurings wat hierbo bespreek is, is die gevolg van gebrek aan korrekte taalgebruik en die oordrag van moedertaalpatrone. Die versteuringspatrone wat bespreek is, is net dié wat by die respondente aangetref is.

4.5.5 T A B U L E R I N G V A N F R E K W E N S I E
E N A A R D V A N V E R S T E U R I N G

VLAK VAN VERSTEURING	FREKWENSIE	AARD VAN VERSTEURING
1. Weglating van die meervoudsuffiks <u>-e</u> .	40 uit 117 gevalle	Gebrek aan die toepassing van die meervoudsreël. Gebrek aan korrekte taalgebruik.
2. Weglating van die meervoudsuffiks wanneer telwoorde gebruik is.	45 uit 117 gevalle	Gebrek aan korrekte taalgebruik.
3. Meervoud by massanaamwoorde.	30 uit 117 gevalle	Moedertaalpatroon-oordrag.
4. Maatnaamwoorde.	53 uit 117 gevalle	Moedertaalpatroon-oordrag.
5. Werkwoordelike afleiding.	43 uit 117 gevalle	Valse analogie.
6. Weglaat van <u>ge-</u> .	40 uit 117 gevalle	Gebrek aan taalgebruikskennis.

4.6.1.2 A) Die Afrikaans⁹ vokaalkaart

Die Afrikaanse vokale, wat geeneen by die uiterste punte gevorm word nie, word op die kaart binne die skema aangedui.

B) Die Setswana vokaalkaart

Die Setswanavokale word op die uiterste punte net langs die kardinale vokale aangedui.

4.6.1.3 Dit is ooglopend dat daar 'n groot verskil is tussen die Afrikaanse en die Setswanavokale. Daar is meer vokale in Afrikaans as in Setswana. Die afwesigheid van sekere vokale in Setswana veroorsaak die uitspraakversteurings wat deur die leerling begaan word wanneer hy probeer om die Afrikaanse woorde uit te spreek in sy poging om die doeltaal aan te leer. Cluver (1974: 69) stel dit duidelik dat wanneer 'n mens 'n taal aanleer, (is) dit noodsaaklik¹⁰ om 'n poging aan te wend om die doeltaal te praat. Gepaard met die poging om te praat, is dit onvermydelik om foute te begaan, omdat om foute te maak deel uitmaak van die aanleerproses.

Die foneme wat hieronder bespreek word, is slegs foneme waar daar uitspraakprobleme aangetref is.

4.6.1.4 Die foneem /ə/

Die afwesigheid van die middellae, sentrale vokaal in Setswana het veroorsaak dat die Motswana dit baie moeilik vind om die Afrikaanse /ə/ korrek uit te spreek. In die meeste gevalle word hierdie /ə/ -klank vervang met /ɛ/ en in minder gevalle deur /a/, vergelyk byvoorbeeld:

- (i) * Die onderwyser klenk kwaai.
- (ii) Morutabana o utlwalega a le bogale.
- (iii) S. nw. + owps. + w + owps. + hulpw. + s. nw.
- (iv) (Die) onderwyser hy klenk hy is kwaai.
- (v) Marutabana o utlwalega a le bogale.
- (vi) S. nw. + owps. + w + owps. + hulpw. + s. nw.
- (vii) (Die) onderwyser hy klenk hy is kwaai.
- (viii) Die onderwyser klink kwaai.
- (ix) 40 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Omdat hierdie foneem afwesig is in Setswana, word dit in beklemtoonde posisies vervang deur /ɛ/; waar dit in onbeklemtoonde posisies aangetref word, word dit deur die /a/ -foneem vervang. Die volgende voorbeelde kan na verwys word:

[dɛŋk]	in plaas van	[dɛŋk.]	dink
[sɛt]	in plaas van	[sət]	sit
[bɛxən]	in plaas van	[bɛxən]	begin
[lɛŋkən]	in plaas van	[lɛŋkən]	linker
[kɛnt]	in plaas van	[kənt]	kind
[ɛnhœut]	in plaas van	[ənhœut]	inhoud
[ɛŋk]	in plaas van	[əŋk]	ink
[ɛnrɛxtɛŋ]	in plaas van	[ənɾɛxtɛŋ]	inrigting
[dɛk]	in plaas van	[dək]	dik
[xəlɔp]	in plaas van	[xəlɔp]	geloop
[xadɛŋk]	in plaas van	[xədɛŋk]	gedink
[xasɛ:]	in plaas van	[xəsɛ:]	gesê
[mɛdɛl]	in plaas van	[mədəl]	middel
[mɛdax]	in plaas van	[mədax]	middag
[mɛskɪn]	in plaas van	[məskɪn]	miskien
[nɛks]	in plaas van	[nəks]	niks

4.6.1.5 Die geronde voorvokale

Die geronde voorvokale is ook onbekend in Setswana. Hierdie vokale word sonder lipronding uitgespreek as hulle Afrikaans praat. Die /y/ -foneem word dus as die /i/ -foneem uitgespreek en die /ø/ -foneem as die /e/ -foneem.

Vergelyk die volgende:

[di:r]	in plaas van	[dy:r]	duur
[ni:s]	in plaas van	[ny:s]	nuus
[i:r]	in plaas van	[y:r]	uur
[bi:rmən]	in plaas van	[by:rmən]	buurman
[si:rlemun]	in plaas van	[sy:rlemun]	suurlemoen
[sti:r]	in plaas van	[sty:r]	stuur
[hi:r]	in plaas van	[hy:r]	huur
[se:n]	in plaas van	[sø:n]	seun
[le:n]	in plaas van	[lø:n]	leun
[he:p]	in plaas van	[hø:p]	heup
[be:rs]	in plaas van	[bø:rs]	beurs
[be:rt]	in plaas van	[bø:rt]	beurt

Hierdie versteuring bring mee dat die fonemiese onderskeid /y:/ X /i:/ en /ø:/ X /e/ opgehef word en dit bring mee dat woordpare soos dier en duur, leen en leun nie meer onderskei kan word nie.

4.6.1.6 Die foneem /ø/

Hierdie vokaal is ook onbekend in Setswana. Behalwe dat dit 'n geronde vokaal is, word dit ook sentraal geartikuleer. Hierdie vokaal ondergaan opvallende versteurings. Dit word meestal deur /ε/ vervang. Vergelyk byvoorbeeld:

- (i) * Elke Saterdag gaan ons met die bese [be:sɛ] dorp toe.
- (ii) Matlhatso mongwe le mongwe re ya teropong ka bese.
- (iii) S. nw. + telw. + owps. + w + s. nw. (lok)
instr. part. + s. nw.
- (iv) Saterdag elke ons gaan dorp toe met bese.
- (v) Matlhatso mongwe le mongwe re ya teropong ka bese.

- (vi) S. nw. + telw. + owps. + w + s. nw. (lok)
instr. part. + s. nw.
- (vii) Saterdag elke ons gaan dorp toe met bese.
- (viii) Ons gaan elke Saterdag per bus dorp toe.
- (ix) Frekwensie: 34 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die vervanging van die /æ/ -foneem met die /ɛ/ -foneem kan toegeskryf word aan moedertaalklankpatroonoordrag. Die /ɛ/ -foneem in Setswana is die naaste klank wat die /æ/ -klank in Afrikaans kan vervang, omdat die Motswana dit moeilik vind om hierdie klank uit te spreek. Lipronding is ook onbekend, daarom die neiging om met gesplete lippe te artikuleer soos in Setswana. Die volgende is ook opgeteken:

[hɛtɛ]	hut	[bɛlk]	bulk	[hɛ:lɛ]	hulle
[kɛ:s]	kus	[xɛdɛlt]	geduld	[jɛ:lɛ]	julle

Die foneem / 0/

Vergelyk die volgende uiting:

- (i) * Daar is groente soos beet en koel [ku] (kool).
- (ii) Go na le merogo jaaka bete le kolo.
- (iii) Owps. + w + s. nw. + voegwrd. + s. nw.
+ voegwrd. + s. nw.
- (iv) Daar is groente soos beet en koel.
- (v) Go na le merogo jaaka bete le kolo.
- (vi) Owps. + w + s. nw. + voegwrd. + s. nw.
+ voegwrd. + sn. nw.
- (vii) Daar is groente soos beet en koel.
- (viii) Daar is groente soos beet en kool.
- (ix) 30 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die [o:] is nie funksioneel in Setswana nie. [o:] word getransfonologiseer tot [ɔ] soos in borôthô (brood). Die gebrek aan 'n /o/ -foneem en die substitusie met 'n /ɔ/ -foneem laat die Motswana, om duur te verkry, 'n neutrale [ə] of 'n [ɛ] -klank na die [ɔ] gebruik wat ook ten volle geartikuleer word.

Die volgende is ook aangeteken:

[pɔt]	in plaas van	[po:t]
[kɔp]	in plaas van	[ko:p]
[sɔm]	in plaas van	[so:m]
[bɔm]	in plaas van	[bo:m]
[dɔp]	in plaas van	[do:p]
[bɔr]	in plaas van	[bo:r]
[lɔp]	in plaas van	[lo:p]

Dieselfde geld ook vir die /a/ X /a:/ -foneme. Die volgende dien as voorbeelde uit die respondente se uitinge:

[bat]	in plaas van	[ba:t]
[fat]	in plaas van	[fa:t]
[lat]	in plaas van	[la:t]
[lax]	in plaas van	[la:x]
[sla:x]	in plaas van	[slax]

4.6.1.7 Vokaalinvoging

Vokaalinvoging geskied op patroon van die fonologiese sisteem in Setswana, te wete kvkvkv.

Vergelyk die volgende voorbeeld:

- (i) * Die meisie het geskryf die berieve.
- (ii) Mosetsana o kwadile makwalo.
- (iii) S. nw. + owps. + w. + s. nw.

- (iv) (Die) meisie het geskryf die berieve.
- (v) Mosetsana o kwadile makwalo.
- (vi) S. nw. + owps. + w. + s. nw.
- (vii) (Die) meisie het geskryf die berieve.
- (viii) Die meisie het die briewe geskryf.
- (ix) Frekwensie: 44 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

In Setswana is die opeenvolging van konsonante onbekend. Die Setswana-patroon van die fonologiese sisteem is kvkv, daarom ontstaan hierdie patroonversteuring in Afrikaans. Omdat die leerling gewoond is aan hierdie patroon, kan hy dit nie verhelp wanneer hy Afrikaanse woorde gebruik nie. Vergelyk die volgende voorbeelde wat uit die leerlinge se opstelle gekry is:

1. * Die seun het aantrek sy bruin buruk (broek).
2. * Die skool is in die tweede seterata (straat).
3. * Daardie man hy werek baie hard in die lande (werk).
4. * Hulle het my die voroms gestuur (vorms).
5. * Die leerling sit op die setoel (stoel).
6. * Ek vorostaan nie die Afrikaanse (verstaan).
7. * Moeder se vorosokoot is baie vuil (voorskoot).

Wanneer hierdie woorde in Setswana as leenwoorde voorkom, dit wil sê leenwoordtransfonologisasie, dan lyk hulle so in Setswana:

broek	>	buruku	[βuruku]
straat	>	seterata	[seterata]
vorms	>	difōrōmō	[dɪfɔrɔmɔ]
stoel	>	setulō	[setulɔ]
winkel	>	lebēnkêlê	[ləβɛŋkɛlɛ]
werk	>	bêrêka	[βɛrɛka]
brief	>	borifi	[βorifi]
skool	>	sekolo	[sekolo]

Waarskynlik het die leerlinge hierdie woorde eers in Setswana aangetref, daarom skryf en spreek die leerlinge hierdie woorde uit in Afrikaans soos hulle dit in Setswana geleer en geïnternaliseer het. Hier kan miskien van moedertaalklankpatroonoordrag gepraat word.

4.6.1.8 Die diftonge

Setswana ken geen diftonge nie, en dit is duidelik dat die versteurings wat hier aan die orde is, veroorsaak word deur 'n poging om die betrokke diftonge deur enkelvokale te vervang wat foneties die naaste daaraan staan. As gevolg hiervan word die onderskeid tussen diftonge en enkelvokale vir die genoemde gevalle opgehef. Die oorheersende neiging is egter om diftonge op te breek in vokaal-konsonantkombinasies. Hieronder volg 'n verteenwoordigende lys van fonologiese versteurings waarvan meer as 50 opgeteken is:

1. * Mevrou Sentshedile is 'n gooie onderwyseres (goeie). [xo:ijə]
2. * Die leerling het in die moiolekheid beland (moeilikheid). [mo:ilekha:t]
3. * Die Afrikaans vraestel was moelik (moeilik). [mu:lik]
4. * Vader het die kooi gemelk (koei). [ko:i]
5. * Die onderwyser het 'n moi les gegee (mooi). [mɔi]
6. * Moeder maak die heis skoon (huis). [həis]
7. * Die werk was moilek (moeilik). [mɔilek]
8. * Sy het 'n roi trui gedra (rooi). [rɔi]

Opmerking

(i) Die Setswanapatroonsisteem: diftonge ontbreek; [ɔ] en [i] word afsonderlik geartikuleer.

(ii) Aangesien [ui] diftonge nie funksioneel as tweeklank optree in Setswana nie, word die moedertaalfoneemkombinasie [ɔti] verkies bo [ɔtɛti] (ortografies, oei).

4.6.2 Versteuring ten opsigte van konsonante

4.6.2.1 Die foneem /b/

Die Afrikaanse foneem /b/ is 'n bilabiale stemhebbende eksplosief, terwyl die Setswana /β/ 'n bilabiale stemhebbende frikatief is. Setshedi en Malope (1978: 23) stel dit so: "b [β]: Ke tumammogo ya tumapou, ya tumamolomo." In Setswana is die /p/ 'n foneem wat 'n stemlose eksplosief is. Omdat hierdie foneem in Setswana 'n eksplosief is en in Afrikaans ook 'n eksplosief is, is daar 'n neiging om die Afrikaanse foneem /b/ soos die Setswana /p/ uit te spreek. Hierdie neiging veroorsaak versteuring in Afrikaans. Vergelyk die volgende uiting waar die Afrikaanse /b/ met /p/ verwar word:

- (i) * Die meisie is pang vir die slang.
- (ii) Mosetsana o tshaba noga.
- (iii) S. nw. + owps. + w + s. nw.
- (iv) (Die) meisie sy pang slang.
- (v) Mosetsana o tshaba noga.
- (vi) S. nw. + owps. + w + s. nw.
- (vii) Meisie sy is pang slang.
- (viii) Die meisie is bang vir die slang.
- (ix) Frekwensie: 37 uit 117 gevalle is aangeteken.

Opmerking

Die Afrikaanse /b/ word gewysig na /p/, maar dit is nie 'n hardnekkige versteuring nie, want onder die invloed van herhaaldelike oefening verdwyn hierdie versteuring.

Ander voorbeelde is:

<u>pad</u>	vir	<u>bad</u>
<u>pank</u>	vir	<u>bank</u>
<u>ply</u>	vir	<u>bly</u>
<u>ped</u>	vir	<u>bed</u>
<u>ploei</u>	vir	<u>bloei</u>
<u>pyt</u>	vir	<u>byt</u>
<u>pal</u>	vir	<u>bal</u>
<u>pus</u>	vir	<u>bus</u>

4.6.2.2 Die foneem /d/

Die Afrikaans foneem /d/ is 'n alveolêre stemhebbende eksplosief net soos die Setswana /d/ -foneem. Hierdie foneem ondergaan versteurings wanneer dit deur die Motswanaleerling gebruik word. Die /d/ -foneem word gewoonlik verander na die [t] -klank. Die volgende versteurings is 'n verteenwoordigende lys waarvan 40 uit 117 gevalle aangeteken is.

1. * Satertag is 'n besig dag vir ons skool.
2. * Dit is 'n heerlike tag vantag.
3. * Die tarat is stukkend.
4. * Ons stap te voet torop toe.
5. * Die seuns het in tonga gespring.
6. * Na die reën was die tam vol.
7. * Marie is tom.
8. * Moeder sal die tafel tek.
9. * Hy is 'n tuiwel
10. * Oom Piet het 'n tagvaar gekry.

Opmerking

In Setswana word die /d/ -foneem slegs deur /i/ en /u/ gevolg. Wanneer dit deur die ander vokale gevolg word, verander hierdie foneem na 'n /t/. Hierdie verskynsel word net so oorgedra na Afrikaans toe en dit veroorsaak 'n versteuring in Afrikaans.

4.6.2.3 Die foneem /c/

Die versteuring wat dié klank ondergaan is dat dit in die verkleinings-uitgang as [k] uitgespreek word. Vergelyk die volgende voorbeelde:

hondjie	[hɔŋki]
lepeltjie	[lepelki]
handjie	[hapki]
mondjie	[mɔŋki]
bandjie	[baŋki]
landjie	[laŋki]

Opmerking

Die /k/ -foneem is bekend in Setswana, daarom spreek die leerling die [c]-klank uit as [k]. Dit is die gevolg van die invloed van die moedertaaluitspraak wat op Afrikaans oorgedra word en gevolglik versteuring veroorsaak.

4.6.2.4 Die foneem /j/

/j/ word vervang deur die prepalatale affrikaat /dʒ/. Vergelyk die volgende voorbeelde waarvan 61 uit 117 gevalle aangeteken is:

[dʒa:]	in plaas van	[ja:]
[dʒɛlɛ]	in plaas van	[jɛlɛ]
[dʒɛji]	in plaas van	[jɛi]
[dʒa:s]	in plaas van	[jɑs]
[dʒɛŋwa:rɪ]	in plaas van	[janəva:ri]
[dʒa:n]	in plaas van	[jan]
[dʒɔŋ]	in plaas van	[jɔŋ]
[dʒa:r]	in plaas van	[ja:r]
[dʒakɔp]	in plaas van	[ja:kɔp]
[dʒax]	in plaas van	[ja:x]

Opmerking

Die respondente het die ortografiese simbool j as [dʒ] uitgespreek. Die simbool j word as [dʒ] in Setswana uitgespreek. Die [dʒ]-klank kom voor in woorde soos:

ja
jaanong
jaaka
jabetša

Die versteuring wat hier plaasvind, kan toegeskryf word aan moedertaaloordrag.

4.6.2.5 Die foneem /x/

Die respondente het die foneem /x/ deur /ɣ/ vervang. Vergelyk die volgende voorbeelde:

geld	[ɣɛlə]
geel	[ɣe:l]
gee	[ɣe:]
giet	[ɣit]
gifpyl	[ɣe:fpəi]

Opmerking

Hierdie woorde tree as leenwoorde op in Setswana. Wanneer transfonologisasie plaasvind, word die leenwoord met 'n /ɣ/ -klank in Setswana uitgespreek en gevolglik raak die leerling vertroud daarmee. As die leerling hierdie woord in Afrikaans teëkom, val hy noodgedwonge terug op die moedertaaluitspraak.

Slotopmerking

Ten slotte kan dit gesê word dat die meeste van die patroonversteurings wat hierbo behandel is, die gevolg van moedertaalpatroonoordrag is. 'n Verdere opmerking wat hier gemaak kan word, is dat sekere foneme onbekend is in Setswana en die leerling wysig die klank na die klank of klanke wat hy alreeds ken.

Die versteuringspatrone wat bespreek is, is slegs versteurings wat deur die genoemde respondente gemaak is.

4.7 TABULERING VAN DIE FREKWENSIE
EN AARD VAN VERSTEURING

VLAKE VAN VERSTEURING	FREKWENSIE	AARD VAN VERSTEURING
1. Foneem /ə/	40 uit 117 gevalle	/ə/ word deur /ε/ in beklemtoonde posisie vervang en deur /a/ in onbeklemtoonde posisies.
2. Geronde voorvokale /y/ en /ø/	40 uit 117 gevalle	Geronde vokale word ontrond, versteuring in uitspraak ontstaan.
3. Die foneem /œ/	34 uit 117 gevalle	Moedertaalpatroon-oordrag.
4. Die foneem /o/	30 uit 117 gevalle	/o/ word getransfonologiseer na /ɔ/, wat versteuring veroorsaak.
5. Vokaalinvloeging	44 uit 117 gevalle	Moedertaalpatroon-oordrag.
6. Diftonge	50 uit 117 gevalle	Die onbekendheid van diftonge in Setswana maak dit moeilik vir die leerling om hulle uit te spreek. Diftonge ontbreek, en die moedertaalfoneem-kombinasie word verkies bo die Afrikaansfoneemkombinasie.
7. Foneem /b/	37 uit 117 gevalle	Die Afrikaanse /b/-foneem word as /p/ uitgespreek.
8. Foneem /d/	40 uit 117 gevalle	Die oordrag van die moedertaalpatroon.

VLAK VAN VERSTEURING	FREKWENSIE	AARD VAN VERSTEURING
9. Foneem /c/	30 uit 117 gevalle	/c/ -foneem word as /k/ in verkleinings-uitgang uitgespreek. Oordrag van moedertaaluitspraak.
10. Foneem /j/	61 uit 117 gevalle	Oordrag van moedertaaluitspraak.
11. Foneem /x/	23 uit 117 gevalle	Oordrag van moedertaaluitspraak.

VOETNOTE

1. Waar die leerling geen kennis besit van die doeltaal nie.
2. 'n Vergissing is 'n eenmalige afwyking wat dikwels deur die spreker geredelik gekorrigeer (kan) word. Volgens Corder (1983: 215) kan sulke afwykinge (wat moedertaal betref) as omsettings of vervanginge beskou word.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING

Hierdie studie het beoog om:

1. die oorsaak van patroonversteurings vas te stel;
2. vas te stel wanneer die Batswana Afrikaans praat, met wie hulle Afrikaans praat, waarom hulle praat, en of hulle gesê het wat hulle wou sê;
3. die Batswana se houding teenoor Afrikaans bloot te lê.

Die versameling van sosiologiese gegewens met betrekking tot 'n proefgroep Setswanamoedertaalsprekers is gedoen, wat as agtergrond sou dien tot taalkundige data. Die data is ontleed aan die hand van 'n foutanalise wat geprojekteer is teen 'n kontrastiewe analise van patrone in Afrikaans en Setswana.

Die tipe patroonversteurings is aangedui en die oorsaak vir die versteurings is sistemies ontleed en beskryf. Daarna is die aard en frekwensie van die versteurings aangedui. Die identifisering van patroonversteurings is gedoen op sintaktiese, leksikalies - semantiese, morfologiese en fonologiese vlak.

Die ontleding van die respondente se Afrikaans het die volgende blootgelê:

- (a) dat daar sekere patrone in Afrikaans is wat vreemd en onbekend is vir die Motswana, byvoorbeeld die aantal vokale en konsonante. Afrikaans het meer konsonante en vokale as Setswana. Dit bring groot verwarring en gevolglik versteuring mee. Diftonge is heeltemal afwesig in Setswana en dit is moeilik vir die Motswana om hierdie klanke uit te spreek;
- (b) dat patroonversteurings by leenwoorde voorkom. Waar dit blyk dat leerlinge met die leenwoord eers in Setswana vertrouwd geraak het, kom daar hardnekkige versteurings voor in Afrikaans;

- (c) dat daar grammatikareëls is in Afrikaans wat die leerling te moeilik vind omdat hulle nie in Setswana gevind word nie, byvoorbeeld reëls ten opsigte van woordorde wanneer voegwoorde gebruik word, verledetydsreëls, spelling van woorde, kombinasie van klanke, die uitspraak van sekere woorde;
- (d) dat die foutanalise in 'n groot mate moedertaalpatroonoordrag blootgelê het en terselfdertyd 'n ongunstige leersituasie ten opsigte van Afrikaans openbaar het, dit wil sê ongekwalifiseerde onderwysers vir die taal en swak biblioteekgeriewe;
- (e) dit is vasgestel dat die leerlinge slegs Afrikaans op skool praat wanneer hulle in die Afrikaanse klas is. Buite die klaskamersituasie gebruik hulle weinig Afrikaans. Dit is selde dat die leerlinge gesê het wat hulle wou sê. Daar moes na hulle teruggegaan word om seker te maak wat hulle wou sê of skryf;
- (f) die media skep nie 'n gunstige omgewing vir die aanleer van Afrikaans nie, omdat Afrikaans nooit gebruik word nie. Die radio-en televisieprogramme word slegs in Engels en Setswana uitgesaai in Bophuthatswana. Die plaaslike koerant is net in Engels.

'n Mens kan tot die gevolgtrekking kom dat Afrikaans vir die Batswana in Bophuthatswana 'n derde taal is. Engels kan as 'n tweede taal beskou word, omdat dit as medium in die skole en die universiteit gebruik word.

In die algemeen kan dit gesê word dat die respondente niks teen Afrikaans as taal het nie. Hulle gesindheid teenoor hierdie studie was baie positief.

CHAPTER 5

SUMMARY

This study aimed at:

1. determining the causes of pattern interference;
2. determining when do the Batswana speak Afrikaans, with whom, about what and whether they manage to say what they want to say;
3. exposing the attitude of the Batswana to Afrikaans.

The collection of sociological data with regard to an experimental group of Setswana native speakers was done so as to serve as a background to the linguistic data. The data was analysed on an error analysis basis which was projected on a contrastive analysis of patterns in Afrikaans and Setswana.

The type of pattern interferences was shown and the causes of these interferences were systematically analysed and described. Thereafter, the nature and frequency of the interferences was shown. The identification of pattern interferences was done on syntactical, lexical-semantic, morphological and phonological levels.

The analysis of the Afrikaans of the respondents revealed the following:

- (a) that there are certain patterns in Afrikaans that are foreign and unknown to the Motswana, for example, the number of vowels and consonants. Afrikaans has more vowels and consonants than Setswana. This causes great confusion and consequently, interference. Diphthongs are totally absent in Setswana and the Motswana has difficulty in pronouncing these sounds;

- (b) that pattern interference occurs in the case of borrowed words. Where apparently pupils first met a borrowed word in Setswana, difficult interferences occur in Afrikaans;
- (c) that pupils experience difficulty with certain Afrikaans grammatical rules because these are not found in Setswana, for example, rules relating to word-order where conjunctions are used, e.g. rules relating to the past tense, the spelling of words, combination of sounds, the pronunciation of certain words;
- (d) that error analysis established to a great extent the transference of the pattern of the mother tongue, and at the same time revealed an unfavourable teaching situation for Afrikaans. In other words, unqualified language teachers, inadequate library facilities, etc;
- (e) it was established that pupils only speak Afrikaans when they are at school and in the Afrikaans lesson; outside the classroom situation they use very little Afrikaans. It is very seldom that pupils were able to say exactly what they wished to say. It was necessary to go back to them to ascertain what they had wished to say or write;
- (f) the media does not create a situation favourable to the acquisition of Afrikaans, because Afrikaans is never used. Radio and television programmes are only broadcast in English and Setswana in Bophuthatswana. The local newspaper is only in English.

One can conclude that Afrikaans is a third language for the Batswana in Bophuthatswana. English can be considered a second language because it is used as a medium of instruction in schools and at the university.

In general, it can be said that the respondents have nothing against Afrikaans as a language. They were very positively disposed towards this study.

BIBLIOGRAFIE

GERAADPLEEGDE EN AANGEHAALDE BRONNE

BOPHUTHATSWANA. Department of Foreign Affairs. 1977. The Republic of Bophuthatswana. Johannesburg : Chris van Rensburg-Publications.

BOTHA, T. J. R., red. 1984. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria : Academica.

GLAASSEN, G. N. & VAN RENSBURG, M. C. J., reds. 1983. Taalverskeidenheid : 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria : Academica.

CLUVER, A. D. de V. 1974. Kommunikasie by die dier en by die mens. Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys, 24-29. Maart.

CLUVER, A. D. de V. 1978. Chomsky, sjimpansees en kinders. Taalfasette, 23 (2) : 65-66.

COLE, D. T. 1955. An introduction to Tswana grammar. Johannesburg : Longman.

COLE, D. T. 1964. Fanagalo and the Bantu languages in South Africa. (In Hymes, D., red. Languages in culture and society. New York : Harper & Row. p. 547-553.)

CORDER, S. P. 1981. Error analysis and interlanguage. Oxford : Oxford University Press.

CORDER, S. P. 1983a. A role for the mother tongue. (In Gass, S. & Selinker, L., reds. Language transfer in language learning. Rowley, Mass. : Newbury House. p. 360-381.)

CORDER, S. P. 1983b. The significance of the learners' errors. (In Robinett, B. W. & Schachter, J., reds. Second language learning : contrastive analysis, error analysis and related aspects. Ann Arbor : University of Michigan Press. p. 163-172.)

COWAN, J. R. 1983. Toward a psychological theory of interference in second language learning. (In Robinett, B. W. & Schachter, J., reds. Second language learning: contrastive analysis, error analysis and related aspects. Ann Arbor : University of Michigan Press. p. 109-118.)

CROMBIE, W. 1985. Process and relation in discourse and language learning. Oxford : Oxford University Press.

DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION.

Kyk

SUID-AFRIKA. (Republiek.)

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

Kyk

BOPHUTHATSWANA.

DE VLEESCHAUWER, J. N. A. 1978. Raamwerk vir tesis. Honneurs aantekeninge. Sovenga : Universiteit van die Noorde.

DE VILLIERS, M. 1962. Afrikaanse klankleer. Kaapstad : Pioneer Press.

DE VILLIERS, M. 1975. Die semantiek van Afrikaans. Elsierivier : HAUM.

DIEBOLD, R. 1964. Incipient bilingualism. (In Hymes, D., red. Language in culture and society. New York : Harper & Row. p. 495-510.)

DITTMAR, N. 1976. Sociolinguistics: a critical survey of theory and application. London : Edward Arnold.

DULAY, H. & BURT, M. 1978. Some remarks on creativity in language acquisition. (In Ritchie, W. C., red. Second language acquisition research. London : Academica. p. 65-89.)

DU PLESSIS, H. 1982. Sintaksis vir eerstejaars. Goodwood : Academica.

- DUSKOVA, L. 1983. On sources of errors in foreign language learning. (In Robinett, B. W. & Schachter, J., reds. Second language learning: contrastive analysis, error analysis and related aspects. Ann Arbor : University of Michigan Press. p. 215-239.)
- ESWAREN, B. A. 1981. A new approach to teaching and learning of English requiring co-operation of the first language. English language teaching journal, 35 (3) : 234-238.
- FERREIRA, J. A. 1977. Morfologie van die voornaamwoord in die Sothotale. Limi Bulletin of the Department of Bantu languages, Pretoria : UNISA, vol. 5 : 85-97.
- FISHMAN, J. A. 1971. Advances in the sociology of language, vol. 1. Basic concepts, theories and problems: alternative approaches. The Hague : Mouton.
- FISHMAN, J. A. 1972. The relationship between micro and macrosocio-linguistics in the study of who speaks what language to who and when. (In Pride, J. B. & Holmes, J., reds. Sociolinguistics. Aylesbury : Hazell Watson & Viney, p. 15-32.)
- GAMAROFF, R. 1986. Native language transfer in the Tswana speakers' English. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)
- GASS, S. 1983. Language transfer and universal grammatical relations. (In Gass, S. & Selinker, L., reds. Language transfer in language learning. Rowley, Mass. : Newbury House. p. 69-80.)
- GASS, S. & SELINKER, L., reds. 1983. Language transfer in language learning. Rowley, Mass. : Newbury House.
- GILES, H. & ST. CLAIR, R., reds. 1979. Language and social psychology. Oxford : Blackwell.

- GRIMSHAW, A. D. 1971. Sociolinguistics, (ii). (In Fishman, J. A. Advances in the sociology of language, vol. 1. Basic concepts theories and problems: alternative approaches. The Hague : Mouton. p. 92-138.)
- HYMES, D., red. 1964. Languages in culture and society. New York : Harper & Row.
- KLOPPER, A. H. 1981. Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in R. S. A.: 'n sosiolinguistiese ondersoek. Bloemfontein. (Verhandeling (MA) - UOVS.)
- KOTZE, E. F. 1977. 'n Sosiolinguistiese ondersoek na sintaktiese, morfologiese en leksikale afwykings in die Afrikaans van die Xhosas. Johannesburg. (Verhandeling (MA) - WITS.)
- KRASHEN, S. 1981. Second language acquisition and second language learning. New York : Pergamon.
- KRITZINGER, W. H. C., red. 1985. Teaching the mother tongue. Educamus, 31(5) : 2.
- KROEBER, A. L. 1964. On taxonomy of languages and cultures. (In Hymes, D., red. Languages in culture and society. New York : Harper & Row. p. 654-659.)
- LABOV, W. 1972. The study of language in its social context. (In Pride, J. B. & Holmes, J., reds. Sociolinguistics. Aylesbury : Hazell Watson & Viney. p. 180-201.)
- LECOUTERE, C. P. F. 1959. Inleiding tot de taalkunde en tot de geschiedenis van het Nederlands. Leuven : N. V. De Vlaamse Drukkery.
- MAWASHA, A. L. 1976. A sample study of common errors in written English with special reference to Northern Sotho-speaking children. Crux : A journal on teaching of English, 10(3): 5-11, Aug. 3.

- MOLOTO, E. S. 1964. A critical investigation into the standardization of written Tswana. Pretoria. (Verhandeling (MA) - UNISA.)
- MORRISEY, M. D. 1983. Toward a grammar of learner's errors. International review of applied linguistics, 21(3): 93-207.
- NEUFELD, G. G. 1979. Towards a theory of language learning ability. Language learning, 29(2): 231.
- NKATINI, N. L. 1978. Die Afrikaansvaardigheid van 'n proefgroep Tsongas: 'n sosiolinguistiese studie. Sovenga. (Verhandeling (MA) - Universiteit van die Noorde.)
- ODENDAAL, F. F., red. 1965. HAT. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.
- ODENDAAL, F. F. 1984. Afrikaanse fonetiek. (In Botha, T.J.R., red. 1984. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria : Academica.)
- PONELIS, F. A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria : Van Schaik.
- PRIDE, J. B. & Holmes J., reds. 1972. Sociolinguistics. Aylesbury: Hazell Watson & Viney.
- RADIO BOPHUTHATSWANA. 1984. Report to the Broadcast Advisory Board Meeting, 6 Maart. Mmabatho.
- RAIDT, E. H. 1984. Interne ontwikkeling van Afrikaans. (In Botha, T.J.R., red. 1984. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria : Academica.)
- RITCHIE, W. C., red. 1978. Second language acquisition research. London : Academica.
- ROBINETT, B. W. & SCHACHTER, J., reds. 1983. Second language learning: contrastive analysis, error analysis and related aspects. Ann Arbor : University of Michigan Press.
- RUBIN, J. 1972. Acquisition and proficiency. (In Pride, J. B. & Holmes, J., reds. Sociolinguistics. Aylesbury : Hazell Watson & Viney. p. 350-366.)

- SCHACHTER, J. 1983. An error in error analysis. (In Robinett, B. W. and Schachter, J., reds. Second language learning: Contrastive analysis, error analysis and related aspects. Ann Arbor : University of Michigan Press. p. 354-362.
- SCHAPER, I. s.a. Mekgwa le melao ya Batswana. Lovedale : Lovedale Press.
- SELINKER, L. 1983. Language transfer. (In Gass, S. & Selinker, L., reds. Language transfer in language learning. Rowley, Mass. : Newbury House. p. 83-114.)
- SETSHEDI, J. E. 1974. The auxiliary verbs and deficient verbs in Tswana. Sovenga. (Verhandeling (MA) - University of the North.)
- SETSHEDI, J. E. 1980. Ithuteng Setswana. Ditlhopho tsa 9 le 10 le tsa borutabana. Mmabatho : Maikatlapele.
- SETSHEDI, J. E. & MALOPE, R. M. 1978. Thutamedumopuo ya Setswana. Mmabatho : Maikatlapele.
- SINCLAIR, A. J. L. 1975. Die rol van die moedertaal by die aanleer van 'n vreemde taal. Communiqué Unin Language Bureau : 23-36, Nov.
- SINCLAIR, A. J. L. 1978. Taalvaardigheid. Communiqué Unin Language Bureau : 96-114, Sept.
- SINCLAIR, A. J. L. 1981. Die onderrig van 'n nie-primêre taal: geleentheid of verleentheid? Bellville : Onderrigsentrum, Universiteit van Wes-Kaapland.
- STEYN, J. C. 1980. Tuiste in eie taal. Kaapstad : Tafelberg.
- STUBBS, M. 1983. Discourse analysis: the sociolinguistic analysis of natural language. Oxford : Blackwell.

- SUID-AFRIKA (Republiek). Department of Bantu Education. 1976. Tswana terminology and orthography. Pretoria.
- VAN DER MERWE, H. J. J. M., red. 1971. Afrikaans: sy aard en ontwikkeling. Pretoria : Van Schaik.
- VAN DER MERWE, H. J. J. M., red. 1969. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria : Van Schaik.
- VAN DER MERWE, H. J. J. M. & DE KLERK, W. J. 1969. Taalkontak. (In Van der Merwe, H. J. J. M., red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria : Van Schaik. p. 169-180.)
- VAN DER MERWE, H. J. J. M., DE KLERK, W. J. & PONELIS, F.A., reds. 1976. Gedenkbundel. Pretoria : Van Schaik.
- VAN DER WESTHUIZEN, L. 1975. Die rol van die moedertaal by die aanleer van 'n vreemde taal. Communiqué Unin Language Bureau: 23-26, Nov.
- VAN DYK, T. J. 1976. Die Afrikaans van Xhosa-sprekers. Uitspraakprobleme by vokale. Bloemfontein. (Verhandeling (MA) - U O V S.)
- VAN SCHALKWYK, C. 1974. Die aanleer van vreemde tale. Communiqué Unin Language Bureau: 33-51, Nov.
- VAN VALIN, R. D. 1980. Meaning and interpretation. Journal of pragmatics, 4: 213-231.
- VAN WYK, E. B. 1966. Woordvormversteurings in die Afrikaans van die Bantoes. Pretoria : Van Schaik. Taalfasette II.
- VAN WYK, E. B. 1975. Die verskil tussen die verwerwing van die moedertaal en die aanleer van 'n tweede of vreemde taal. Nuusbrief Suid-Afrikaanse studiegroep vir taalonderrig, 9(2).
- VAN WYK, E. B. 1976. Die begrip 'tweedetaalversteuring'. (In Van der Merwe, H. J. J. M., de Klerk, W. J. & Ponelis, F. A., reds. Gedenkbundel. Pretoria : Van Schaik. p. 141-147.)

VOSTER, J. & PROCTOR, L. 1976. Black attitudes to 'White languages' in South Africa : a pilot study. The journal of psychology, 92 : 103-108.

WEINREICH, U. 1953. Languages in contact. The Hague : Mouton.